SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION

SAOU

Gee die pas aan / Setting the pace

# Media report: 15 April – 16 May 2016

## Major media themes for the period

1. Political woes and the impact on the economy
2. Burning of schools in Limpopo
3. Language issues in schools/universities
4. On-line registration at schools
5. Fedsas/DBE Concourt case

## SAOU media presence and releases

Perhaps the most important issue to emerge in the period under discussion is the on-going delay of the release of the Volmink Report on the alleged sale of education posts. Clearly, there are a lot of behind-the-scenes discussions taking place and the final report and its release will be a matter of hot debate. In the meantime the SAOU has submitted its response to the preliminary report – a fact that was strongly reported by Netwerk 24. (Article is attached).

The Fedsas/DBE case has not been resolved. Judgement is yet to be handed down.

In the meantime the MEC for Gauteng has featured heavily in the media both provincial and national. Pronouncements ranged from on-line registration to the suggestion that every single school-shirt should carry an image of the national flag. The most impressive event, however, was the recent opening of a School of Excellence for Science and Maths in Soweto.

The language issue still smoulders across the board and Die Beeld carried a series of articles written by a number of carefully selected contributors in an attempt to bring a sense of informed balance to the debate. (Articles are attached)

For the most part, national news is dominated by matters concerning the President and as importantly, the current and projected state of the South African economy.

If one were to sum up the current media climate in terms of a weather forecast the following would not be an exaggeration: In general, the outlook is gloomy with the prospect of very stormy months ahead.

## Selected headlines illustrating trends for period 15 April – 16 May 2016 including a few articles in full, are attached separately.

*It is important to note that the headlines are culled from all the newspapers listed below, thus ensuring that a comprehensive overview of topics currently trending in the media are taken into account.*

**Monday – Friday**

Sowetan
The Citizen
The Star
Pretoria news
Business Day
New Age
Daily Sun
Beeld
Volksblad
Burger
The Times

Herald
Daily Dispatch
Mercury
Financial Mail (**Fri**)
Mail & Guardian (**Fri**)

**Saturday Papers**

Saturday Star
Saturday Pretoria news
Naweek Beeld

**Sunday Papers**

City Press
Sunday Times
Sunday Independent
Sunday World
Sunday Sun
Rapport

**Electronic Media**

News 24
Netwerk 24

*Ted Townsend May 2016*

# Selected Headlines 19 April – 30 April 2016

**Quality of education and Language issues**

Fedsas wil na hof oor registrasieBeeld 19/4
SA seun 'kry hoogste wiskundepunt ter wêreld' NW24 19/4
Ouers kan steeds nie kinders aanlyn registreerNW24 19/4
Lesufi is a 404 error he must go The Times 22/4
Poor eduation traps black youth in poverty BD 19/4
Twee van onderwys in VS geskors NW24 19/4
Staan op teen onderwysers wat mag misbruik'NW24 19/4
Hulle lees vir honde – en word oorval met liefde nm24 19/4
Verpligte vak goeie idee, maar waar is onnies?nw24 19/4
Skoolhoof deur twee leerling gewurg Beeld 20/4
Fedsas is rassiste, tier LUR Beeld 20/4



AANSOEKE IN CHAOS, MAAR ...

# Fedsas is rassiste, tier LUR

Carryn-Ann Nel

Taal is 'n rookskerm vir die "Coke Light"-rassiste wat nie swart of bruin kinders in hul skole wil hê nie.

So het Panyaza Lesufi, LUR vir onderwys in Gauteng, gister op 'n mediakonferensie uitgevaar ná nog 'n dag van chaos in die nuwe aanlynregistrasieproses in dié provinsie.

Lesufi meen die aanlynregistrasie sal uiteindelik 'n sukses wees – omdat daar geen menslike element in die proses is wat 'n kind op grond van sy of haar velkleur kan wegwys nie.

Die aanlynregistrasie op www.gdeadmissions.gov.za het gister skuins ná 14:30 amptelik begin ná vertragings vroeër die dag, maar tientalle ouers het op sosiale media gesê dit werk stééds nie.

Van hulle het aanhoudend 'n foutboodskap gekry en ander is in kennis gestel dat hulle "reeds aansoek gedoen het".

Lesufi het gesê daar sal tegniese probleme wees en ouers gevra om geduldig te wees.

Gisteraand het hy getwiet dat die stelsel probleme ondervind, dat die webwerf herlaai word en dat ouers dus nie sou kon aanmeld nie.

Die stelsel het verlede week ook in duie gestort toe sowat 600 ouers per sekonde die webwerf besoek het.

Lesufi Foto: CORNÉL VAN HEERDEN

Die stelsel moes toe gister 08:00 reg gewees het vir gebruik, maar was weens 'n tegniese fout nie.

Lesufi het nou die versekering gegee dat die vermoë intussen uitgebrei is om sowat 20 000 besoekers per sekonde te kan hanteer nadat Vodacom se hulp ingeroep is.

Die beginsel van eerste daar, eerste gehelp, gaan nie in die stelsel geld nie. Daar is ook nie meer 'n waglys nie.

Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) het aangedui dat hy hofstukke begin voorberei om die aanlynregistrasie te stuit.

Oor die hofsaak het Lesufi gesê: "Ek gaan nie jok nie. Dié is 'n ligter weergawe van rassiste.

"As jy na 'n skool gaan, veral as jy swart is, selfs voordat jy die ontvangsdame ontmoet, is die houding: 'Jy is nie welkom hier nie.' Ons het dit nou (uit die stelsel) verwyder."

Omdat almal nou aansoek kan doen, wil "dié wat apartheid ondersteun het en dié wat as gevolg van hul velkleur voordeel getrek het, hierdie proses stop.

"Ek sê: Ek's reg vir julle. Sê my watter hof sal sê dat dit verkeerd is dat alle kinders gelyk behandel word."

Volgens hom het hy al vier keer met Fedsas vergader en die versekering gegee dat taal nie in hierdie aanlynproses geraak sal word nie.

"Hulle wil nou agter taal skuil omdat dit die enigste redelike ding is waaraan hulle kan vasklou. Hulle weet hulle kan nie oor dinge soos velkleur baklei nie ... Maar taal klink mooi."

Paul Colditz, uitvoerende hoof van Fedsas, het Lesufi se stellings verwerp.

Hy het gesê hy het nog nooit op een dag soveel oproepe gekry met klagtes oor die foutiewe stelsel nie. "Ouers, skole, beheerliggame, hoofde, onderwysers is desperaat. Dit wil nie tot mnr. Lesufi deurdring dat sy stelsel nie werk nie. Nou gebruik hy politieke kwessies.

"Ons soek 'n stelsel wat werk. Ons wil nie histerie rondom toelating hê nie. Ons gaan dit klinies hanteer in belang van skole, ons lede en die kinders."

■ Hoofde trek outydse pen en papier nader – bl. 2

Hoofde wend hulle tot pen en papier Beeld 20/4
Glitches irk parents NA 20/4
Sadtu 'impatient'NA 20/4
Net rassiste kla oor aanlyn-registrasie, sê Lesufi NW24 20/4



Ouers kan steeds nie kinders aanlyn registreer NW24 20/4

Sadou blok verslag oor poste vir geldNW24 20/4
Twee van onderwys in VS geskors NW24/20/4
Skole: Hofaksie afgeweer Fesas, department sal oor kwellings praat Beeld 21/4
363 skoliere deel 5 haglike toilette Beeld 21/4
Lesufi defends online system NA 21/4
Online registration is inevitable NA 22/4
Teacher deficit my upset Mandarin plan BD/4
Skole in Limpopo kort 40 000 toilette NW24 25/4
"Fedsas tree toe tot US-debat: Afrikaans moet ankertaal wees."Beeld 25/4
Teach SA to make up the shortage of mathematics teachers NA 22/4
Parents urged to enrol pupils NA 19/4
Maths key to competition NA 19/4



.Nuus 5

AANLYN-REGISTRASIE

# Ouers kies dié 2 skole

## Affies, Pta Boys High die gewildste keuses

Carryn-Ann Nel

Twee seunskole in Pretoria staan kop en skouers bo ander uit as ouers in Gauteng se voorkeurkeuse.

Sedert die Gautengse departement van onderwys verlede week met sy aanlyn-registrasieproses vir volgende jaar begin het, het Pretoria Boys High en die Afrikaanse Hoër Seunskool (Affies) in Pretoria elk meer as 1 800 aansoeke om gr. 8 ontvang, het Panyaza Lesufi, LUR vir onderwys, eergister op 'n mediakonferensie in Johannesburg gesê.

Gewoonlik kan 'n skool tussen 200 en 400 gr. 8's inneem.

Die aanlyn-registrasie op gdeadmissions.gov.za het verlede Woensdag skuins ná 14:30 amptelik begin. Die stelsel het verlede week aanvanklik in duie gestort, maar blyk nou weer volstoom te werk.

Meer as 370 000 aansoeke vir volgende jaar is reeds ontvang, het Lesufi gesê.

**1 800**

**Die getal gr. 8-aansoeke wat Pretoria Boys High en die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria elk ontvang het.**

Die gebiede waar die meeste aansoeke ontvang is, is:

- Tshwane-Suid (39 354);
- Johannesburg-Oos (37 720);
- Ekurhuleni-Noord (35 830);
- Ekurhuleni-Suid (35 537); en
- Johannesburg-Sentraal (30 497).

Pretoria Boys High het 1 821 aansoeke ontvang en Affies 1 804. "Dit is vir my 'n aanduiding dat ons die private skole kán uitdaag. Dit is 'n bewys dat daar steeds baie ouers is wat glo in staatskole," het Lesufi gesê.

"Nou weet ons as departement ook waar ons staan. Moet ons 'n ekstra blok by hierdie skole bou? Moet ons hier verder uitbrei en ontwikkel? Ons het nou die data en kan dus vooruit beplan."

Hy het gesê hy wil ook ontleed waarom ouers hul kinders so graag in dié skole wil hê.

"Dit is skole met sportterreine, die beste onderwysers, die beste geriewe.

"Dit gee ons ook 'n idee oor watter soort skool nodig is om in 'n township te bou."

Hy het gesê die departement sal op 1 Junie 'n proses begin oor watter leerlinge na hul B- of C-lys-skole kan gaan.

Voorkeur sal gegee word aan leerlinge wat in die voedingsgebied van die skool woon.

Edward Mosuwe, hoof van die Gautengse onderwysdepartement, het aan *Beeld* gesê hy meen belangstelling in die skole gaan oor ligging en waarvoor die skool staan.

"Dit gaan vir ouers oor die etos, die akademie, die geskiedenis, die kultuur van die skool. Ek het my kind self verlede jaar Pretoria Boys High toe gestuur," het hy gesê.

Beeld 28/4

**Violence in schools**

RSG interview Chris Klopper 21/4

Jantjies 2.pdf

Jantjies.pdf

Few graduates become teachers.pdf

Sluit vryheidstryd by leerplan in, vra Mbeki-stigting Volksblad 28/4
Booksellers come out fighting over schools' contract
Central takeover shocks E Cape DD 26/4
Seun se familie 'wil hom privaat groet' Volksblad 26/4
City's 'jewel' officially opened
DFA 26/4
Bhisho union leaders face suspension DD 28/4
SELBORNE MOURNS BOYS DD 25/4
R25m school hit by race storm DFA 25/4
Graft claims fly in UFH student poll DD 22/4
Rural teachers want incentive DD 22/4

Spaull.pdf

Gr 4 weet nie wat hulle lees Beeld 29/4
Helping our teachers handle children at foundation phase.PTA News 22/4

Teaching thogh the eyes of a child The Star 22/4
Teachers soon to be licensed, says ministry. Cape Times 29/4

# Teachers soon to be licensed, says ministry

**Dominic Adriaanse**

THE Basic Education Department (BED) is soon to license teachers, even though some of them remain opposed.

Licensing will be done in conjunction with the South Africa Council of Educators (SACE).

Basic Education spokesperson Elijah Mhlanga said the initiative, dating back to 2003, was based on research from a ministerial task team appointed by then education minister Kader Asmal.

Having teachers licensed will ensure teachers go for continuous training and development, said Mhlanga.

Mhlanga said qualifications alone are not enough and technically training is also required.

National Professional Teachers Organisation of South Africa chairperson Moses Standaar said they were waiting for the national Department of Basic Education to communicate with them.

"We are all for continued teacher improvement, which is already implemented by the South African Council of Educators through their 150-point grading system. There has been no official word provided to us about the so-called teacher's licence and any comment now would be premature," said Standaar.

National Teachers Union South Africa chairperson Allan Thompson said that at this stage they were opposed to the initiative.

"There are already programmes in place and this seems to be jumping the gun, as teachers are already not compensated according to their qualifications. Unless there is something we are misunderstanding about the process, teachers are studying and achieving qualifications but are still considered on the same level as those with a basic certificate," said Thompson.

Upgrading of teacher skills was to be welcomed, he said, but trade unions should have been consulted.

SACE spokesperson Thembinkosi Ndlovu said "professionalisation of teachers" was their mandate. A holistic approach will be taken.

"We are taking one step at a time and all will be consulted and involved. As the custodians of continued teacher development we are embarking on this initiative, but it's too soon to say anything," said Ndlovu.

*dominic.adriaanse@inl.co.za*

**Tertiary Education**

Universities must tackle systemic inequality to transform NA 22/4
State steps up aid for needy students BD 22/4
We're being kept in dark, hopefuls say as they await word on grants Herald 22/4

**Language issues**

'Afrikaans op US-kampus is soos sterwende perd'Beeld 19/4
Belangrik om stem dik te maak teen US se voorstel-taalbeleid' NW24 25/4
'Afrikaans sal altyd deel van Kovsies bly' – Jansen
Breyten Breytenbach: Dís waaroor dit gaan, Prof NW24 25/4
Laat jul kinders in Sfrikaans skoolgaan Beeld 22/4

**Political Influences**

No end in sight to the tragic plight of our youth BD 25/4
Shunning the competition for 1% of the pie NA 20/4
Shake off the victim ,mentality NA 18/4
Youth face a bleak future NA 19/4

**n Doodsklok-plan** Netwerk 24 /Beeld 2 8 April 2016

Fedsas het dié ronde gewen, maar dit is nog geen waarborg dat ouers self sal kan kies by watter skole hulle hul kinders wil inskryf nie. Foto: Jaco Marais

Fedsas het dié ronde gewen, maar dit is nog geen waarborg dat ouers self sal kan kies by watter skole hulle hul kinders wil inskryf nie. Foto: Jaco Marais

Die onuitgesproke doel van die e-platform vir leerlingregistrasie is duidelik, skryf Paul Colditz: Om die doodsklok vir Afrikaanse skole gouer te laat lui.

Aansoeke om toelating tot Gautengse openbare skole: Waaroor die groot bohaai?

Die Gautengse onderwysdepartement se poging om dit vir ouers moontlik te maak om elektronies aansoek te doen om toelating vir hul kinders tot openbare skole, is ’n stap in die regte rigting. Dit was uit die staanspoor die standpunt van die Federasie van Beheerlig-game van Suid-Afrika (Fedsas) en -vele ander belanghebbendes in skoolonderwys.

Banktransaksies, paspoort- en identiteitsdokumentaansoeke en -vele meer ingewikkelde transaksies kan elektronies gedoen word sonder dat ’n mens in lang toue hoef te staan.

Waarom dan nie toelatingsaansoeke by skole nie?

Die strydpunt is nie die gebruik van elektronika nie, maar die wyse waarop dit gedoen of in werking gestel word en die voorwaardes waaraan dit gekoppel word. Dit was voorspelbaar en is inderdaad voorspel dat die stelsel in duie sou stort en daar gebeur dit toe skouspelagtig tot groot frustrasie van duisende ouers en voogde wat daarvan gebruik wou maak.

Regmatigheid

Die eerste vereiste vir so ’n stelsel is natuurlik regmatigheid.

Die Gautengse regulasies vir die toelating van leerlinge tot openbare skole maak nie voorsiening vir die gebruik van so ’n elektroniese platform wat die naam e-platform gekry het nie.

Daarin word nog uitdruklik voorsiening gemaak vir ’n papiergebaseerde stelsel waarvolgens skole aansoekvorms aan ouers moet uitdeel en die ouers die ingevulde vorms saam met die ander voorgeskrewe dokumente by die skool van hul keuse moet indien.

Enige stelsel wat daarvan afwyk, is gewoon onregmatig en kan aanleiding tot eindelose probleme en dispute gee.

Dieselfde regulasies skryf ook voor dat dit die departementshoof van die Gautengse departement van onderwys is wat die metode waarvolgens die aansoeke gedoen moet word, moet voorskryf. Die LUR figureer nêrens in hierdie proses nie.

Hoewel die departementshoof wel op 29 Februarie voorskrifte uitgereik het, is hy sedertdien in die openbaar doodstil en Panyaza Lesufi, die LUR, het net eenvoudig oorgeneem.

Pleidooie om die departementshoof te probeer oortuig van besware en voorstelle om die proses regmatig te laat verloop, het op dowe ore geval. Korrespondensie is on-beantwoord gelaat.

Veiligheid en betroubaarheid

Daar was aanvanklik geen versekering dat die e-platform veilig en betroubaar sou wees nie. Ouers moet persoonlike inligting daarop invul en enige regdenkende mens sou tog bekommerd wees oor die veiligheid van daardie inligting. En hoe sou die stelsel die korrektheid van inligting kontroleer? Daardie vrae kon aanvanklik nie beantwoord word nie. Planne wat aan belanghebbendes voorgelê is, het ook nie gematerialiseer nie.

Billikheid

Enige toelatingstelsel behoort mense gelyke geleenthede te bied om hul keuse en voorkeure op billike en regmatige wyse uit te oefen. Duisende ouers het nie geredelik toegang tot die middele of kennis om van ’n elektroniese stelsel gebruik te maak nie. Dit het frustrasie die hoogte laat inskiet toe ouers in elk geval in “elektroniese toue” moes staan.

Die wyse waarop die stelsel aanvanklik gewerk het, was diskriminerend teenoor sekere ouers en sou hulle hul regmatige uitoefening van ’n keuse ontneem. Ouers wie se kinders sou wou kies om na ’n tegniese skool te gaan wat ver van die ouerhuis of werkplek geleë is, sou waarskynlik nie toelating tot so ’n skool kon kry nie. Hulle sou op die sogenaamde B-waglys beland en sou net kon toelating kry as al die beskikbare plekke nie deur diegene op die A-lys opgeneem is nie.

Sosiale media het ook gegons van ontevredenheid en frustrasie, onder meer juis omdat ouers hul keuse ontneem is. Daar is voorspel dat dit so sou wees.

Skole se taal- en toelatingsvereistes

Skoolbeheerliggame het die reg om die taal- en toelatingsbeleid van hul skole te bepaal.

Die doel met die instelling van die e-platform is om dié beleide te omseil deurdat die stelsel eenvoudig die naaste skool aan leerlinge sou toeken. Die onuitgesproke doel is wel ook duidelik: Afrikaanse skole moet Engelse leerlinge inneem, nie

noodwendig omdat daar nie andersins vir hulle plek is nie, maar sodat Afrikaanse skole se doodsklok gouer gelui kan word. Engels-enkelmedium is reg en aanvaarbaar, maar nie Afrikaans-
enkelmedium nie. Parallelmedium is ook goed en reg, maar die pad na verengelsing is geteer, soos baie gemeenskappe moes beleef. Dit gebeur omdat parallelmedium prakties twee skole onder een dak beteken. Dit is duur en stel hoër eise aan die personeel.

Die staat finansier alle skole asof dit enkelmedium is en geen voorsiening word in die finansieringsmodel vir veeltaligheid gemaak nie. Dieselfde geld wesenlik wat personeelvoorsiening betref. Genoeg bykomende personeellede word nie deur die staat voorsien om gelyk-beregtiging in twee tale te laat geskied nie. Ouers moet self ten duurste bykomende onderwysposte en die dubbele geldelike las dra. Gemeenskappe wat dit nie kan bekostig nie, vou onder die druk en die skole word dan maar noodgedwonge eentalig Engels.

Die verandering

Ter elfder ure en nadat Fedsas met regstappe moes dreig, is veranderinge aan die stelsel aangebring. Die belangrikste verandering is dat ouers nou die skool kan kies waar hulle hul kinders wil inskryf. -Ouers kan ook meer as een keuse uitoefen. Die skool word nie nou meer op hulle afgedwing nie.

Dit is nog geen waarborg dat -ouers wel uiteindelik in staat sal wees om hul kinders by die skool van hul keuse ingeskryf te kry nie. Die proses wat die departementshoof voorgeskryf het en wat ook in die toelatingsregulasies vervat is, maak steeds daarvoor voorsiening dat skole self van 2 Junie – die inskrywingstydperk sluit op 1 Junie – die voorkeurlyste vir toelating tot die skool moet opstel. Dit is die sogenaamde A- en B-lyste. A-lyste is vir diegene wat kwalifiseer en B-lyste vir dié wat toegelaat sal kan word indien die skool nie vol is ná afloop van die plasing van diegene op die A-lyste nie.

Die LUR se uitsprake

Fedsas het eintlik nie ’n saak met die LUR wat die toelatingskwessie betref nie. Daarom het ons met hom geen kontak daaroor gehad nie. Die kontak wat ons wel gehad het en steeds het, is met die departementshoof. Hy is die aangewese funksionaris en verantwoordelike amptenaar.

Die LUR se suggestie dat geregverdigde kritiek rassisties is, verdien net eenvoudig geen reaksie nie.

## Selected Headlines 1 May – 16 May 2016

**Quality of education and Language issues**

Unpaid teachers to be paid NA 3/5
R318m for ECD education NA 3/5
Hoof sê nee vir Lesufi Beeld 4/5
Sleutel tot oorleweing 4/5
Topskool wyk af van 'chaotiese' aanlyn proses NW24 3/5
Quality education is key to a nation's success NA 4/5
Tot 47% watertariewe 'sal Rustenburg-skole swaar tref' Beeld 5/5
Lesufi wil nie hê dat hoofde klasgee Beeld 5/5
Oproermakers brand 13 skole af Beeld 5/5
Afrikaans en sy mense 3 Beeld 5/5
Vandals torch 13 schools NA 5/5
Lesufi Fedsas in court NA5/5
Lesufi se 5 km-reël 'irrasioneel'NW24 6/5
Fedsas oor inligting op aansoeke gekritiseer Beeld 6/5
EFF: Moeilikheid op pad by Tuks oor taal Beeld 6/5
Zuma speaks against school torching NA 6/5
Jobs for cash report to be released todau fater delays NA 6/5
Fedsas gemaan om nie teen kinders te diskrimineer NW24 6/5
Lesufi,Fedsas in court NA 5/5



▸ Panyaza Lesufi is sonder twyfel die beste LUR vir onderwys wat Gauteng nóg opgelewer het. Hy is nie die tipiese politikus wat net praat en niks doen nie. En dis presies wat ons onderwysstelsel nodig het.
– Deon Bekker

▸ Panyaza Lesufi! Hier op my perseel bly 'n ma van drie dogters waarvan die twee oudstes reeds op 14 en 15 jaar 'n baba gehad het! Moet hul skool nie so iets rapporteer nie? Dit is tyd dat hy sy werk doen en minder aanmerkings maak oor skole waar alles vlot werk! – Chris, Pta

Panyaza Lesufi

Christian Leaders call for morality to tbe brought back to schools NA 10/5
Vital for kiids to start reading early S World 7/5
Maths and science school opens Ekasi Sowetan 10/5
Mec wont let crime stall R80mil plan Cit 10/5
Register children in time – NA 10/5
Special schools will unlease special pupil talent Times 10/5
National lottery to launsc ECD projects )Mpumalanga NA 10/5
LUR dring aan op veelrassigheid in skoolbesture Beeld 12/5
'n Landsvlag op elke skoolhemp? Beeld 12/5
DA, Sadou in rasgedrewe bekgeveg oor poste-verslag NW24 9/5

**Violence in schools**

Skole, voertuie aan brand gesteek in Limpopo NW24 3/5
Dwelms reg langs Laerskool verkoop Beeld 30/4
Meisie uit skool oor boelies Beeld 5/5
Skole brand: Valke soek nou skuldiges NW24 6/5
Skole brand dalk oor stamgeweld Beeld 6/5
Burning schools branded an act of treason Times 9/5
School's out as Limpopo burns Stimes 7/5
Kids'lives used as leverage SWorld 7/5
Spate of theft from students at bus terminals PTA news 9/5
Why rob pupils of future PTA News 10/5
Faksiegevegte lei tot skoolskade Beeld 10/5
PE school being looted Herald 10/5
Dit smeul al lank in dié gebied (Vuwani)Beeld 12/5
Vuwani skool inligting vernieteig Beeld 11/5
MEC warns principlas DFA 11/5
Pupils learn about LGBTI challenges NA 11/5



**Maths, science deal approved**

EDUCATION | Improving the quality of maths, science and technology education continues to be a key focus area for the Department of Basic Education. Delivering her budget vote speech yesterday, Basic Education Minister Angie Motshekga said the department had signed a memorandum of understanding with Teach SA, an education body that aims to tackle the skills shortage. Bekezela Phakathi

BD 11/5
Motshekga to release promotions scam report NA11/5
31% van SA se kleuters wangevoed Beeld 13/5
Beeld briewe: 'Afrikaanses' of 'Afrikaanse mense'bestaan nie. 13/5
Tyd ryp vir taalstryd? Beeld 13/5

**Tertiary Education**

Kuruman college 'impractical'NA 10/5
Tree op in belang van student Beeld 12/5
US-raad gryp in by hersienproses van taalbeleid Nw 24 9/5
Talle probleme met e-leer-skoleprojek NW 19/5
US raad gee groen lig vir Nzimande se versoek Beeld 11/5
University intervention by minister may soon be law NA 12/5

**Political Influences**

R100 milyaard het in 48 uur veredwyn (verliese uit staats pensioene) Beeld 11/5

**Articles**

ONDERWYS Departement wil ’76-skoolstelsel terugbring, sê SAOU Deur Carryn-Ann Nel 13 Mei 2016



Chris Klopper, uitvoerende hoof van SAOU. Foto: Leanne Stander

Die onderwysdepartement wil die “poste-vir-kontant”-verslag gebruik om die ou skolestelsel soos dié wat aan 1976 sal herinner, terug te bring, sê die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU).

Chris Klopper, uitvoerende hoof van SAOU, het in ’n skrywe gereageer op die verslag wat hy onder oë gehad het.

Angie Motshekga, minister van onderwys, het die bekendmaking van die verslag al twee keer uitgestel.

Aanvanklik het Motshekga gesê dié verslag, wat volg op ’n taakspan se ondersoek na Sadou-lede (Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwydersunie) wat glo teen betaling vir ander Sadou-lede poste aangebied het, sou al op 15 April bekend gestel word en toe weer op 6 Mei.

Dit is nou tot 20 Mei uitgestel.

Volgens Klopper kom die aanbevelings daarop neer dat die onderwysstelsel onder direkte beheer van die regering geplaas moet word. “En dan word dit ’n verlengstuk van die politieke party van die dag. Daar is geen twyfel daaroor waar jy onderwys en politiek in een arena saambring nie.”

Klopper sê daar is waarde in sommige van die aanbevelings, maar dat dit in hierdie stadium lyk asof die staat die beheer van skole wil oorneem.

“Daar is definitief ’n groot behoefte om die stelsel te sentraliseer en die besluitnemingsbevoegdhede van skole en beheerliggame weg te neem.”

Hy het gesê dit druis teen die beginsels van vryheid van assosiasie in as ’n skoolhoof byvoorbeeld nie kan kies aan watter vakbond hy behoort nie. Een van die aanbevelings is glo dat skoolhoofde hul eie vakbond moet vorm.

“Die taakspan het verder gegaan as wat hul opdrag was. In plaas daarvan om by die opdrag te hou, het die verslag grootliks gehandel met ’n handleiding van ’n ideale proses wat gevolg moet word met die aanstelling van opvoeders.”

Mugwena Maluleke, hoofsekretaris van Sadou, het gesê hy oorweeg regstappe met die verslag in sy huidige vorm.

“Soos dinge tans staan het die verslag geen geloofwaardigheid nie en kan dit voor ’n hof gebring word.”

Maluleke meen die regte prosedures is nie gevolg nie en dat die verslag grootliks op persepsies “en nie feite nie” gegrond is.

“Ons insette is nie in ag geneem nie. Vir die taakspan vorm dit deel van aanhangsels as deel van die verslag, maar daar is nie ondersoek ingestel na ons insette nie. Hulle beskou duidelik hierdie verslag as die ‘finale’ verslag.

“Ons sê nie dit moet ‘verander’ word nie, ons sê neem ons insette in ag.”

Prof. John Volmink wat die taakspan gelei het, het gesê alle unies se insette sal oorweeg word.

“Die insette gaan saam met die verslag gepubliseer word. Dan kan die publiek albei kante van die saak bestudeer en tot hul eie gevolgtrekking kom.

“Met betrekking tot die feit dat SAOU beweer dat ons buite ons mandaat opgetree het . . . ons taak was nie net om uit te vind of die aantygings geldig is of nie. Die minister het gesê ons moet haar adviseer oor watter reëlings, beleid en veranderinge sy moet bring om te verseker dat die gehalte van opvoeding van kinders goed is. Die verslag moes ook kyk wat gedoen moet word dat hierdie nie weer in die toekoms gebeur nie.”

**AFRIKAANS EN SY MENSE - WAARHEEN**? 1 Deur die smeltkroes 03 Mei 2016 00:00

Beeld begin vandag met 'n reeks gesprekke oor die toekoms van die Afrikaanse gemeenskap. Die inleiers is Tim du Plessis en Leopold Scholtz.

Getrou aan sy aard as "toonaangewende koerant" (die oud-redakteur Ton Vosloo se tipering) begin Beeld vandag 'n dink- en praatplek waar vernuwend en ver buite die boksie besin word oor die toekoms van die Afrikaanse gemeenskap, skryf Tim du Plessis. Soos in 'n oop, selfdefiniërende entiteit wat almal insluit wat hulself beskou as Afrikaans, Afrikaner, Afrikaanssprekende of wat ook al.

Beeld het my gevra om, soos hulle in my nuwe wêreld van TV sê, die "anker" hiervan te wees. Beeld is 'n hartsplek en ek sê dankie.

Konteks vir inisiatief

Die konteks vir die inisiatief word netjies saamgevat in meegaande uittreksel uit die jongste boek van die historikus en joernalis Leopold Scholtz. In Kruispaaieskryf Scholtz vanuit die perspektief van "Afrikaner" oor die groep se wye en droewe geskiedenis, bepaald oor die infleksiepunte waar hulle "regte" en "verkeerde" besluite geneem het.

Dit is Scholtz se aanvoeling – en ek deel dit – dat ons weer by so 'n punt is. Ek is vanjaar 40 jaar in die joernalistiek. Meer as ooit tevore hoor ek vandag mense wat sê-vra: Wat gaan van ons word? Gaan ons oor tien jaar nog Afrikaans praat? Afrikaanse skole hê? Sal ons kinders in Afrikaans kan studeer? Moet ons nie maar verengels en versmelt ter wille van fisieke oorlewing nie?

Anderhalf dekade gelede, voordat die wiele in die "nuwe" Suid-Afrika begin afkom het, het die visioenêre Frederik Van Zyl Slabbert in Afrikaner Afrikaangeskryf: "Wanneer (Afrikaanssprekendes) begin standpunt inneem, gaan nuwe waardes uitkristalliseer wat nuwe inhoud aan die begrip 'Afrikaner' gaan gee. Vir my is dit so duidelik soos daglig. Ekonomiese mededinging, diskriminerende burgerskap, ongelyke kulturele en maatskaplike bronne, rasse- en/of etniese polarisering lê ten grondslag van die intensiteit of gebrek daaraan van konflik in multikulturele lande, of dit die voormalige state van die Sowjet-Unie, Joego-Slawië, Rwanda, Nigerië of Suid-Afrika is.

"Uiteindelik gaan Afrikaanssprekendes die probleme, veral in die konteks van die 'nuwe Suid-Afrika', nie kan vermy deur sagte en sussende byeenkomste te reël tussen gebruikers en praters nie. Nóg die onlangse verlede nóg die onmiddellike toekoms sal ons hierdie blaaskans gun."

En "Afrikaanssprekendes sal ook hul eie smeltkroes van waarheid en versoening moet deurgaan om te bepaal of dit haalbaar is om Afrikaans in Suid-Afrika te laat oorleef," het Slabbert geskryf.

Ek wens hy was nog met ons om te sien hoe vinnig sy woorde waar geword het. Dis 'n wekroep, eintlik ontstellend, dat Slabbert Suid-Afrika al in 1999 in dieselfde asem genoem het as sulke flitspunte van konflik soos die ou Sowjet-Unie, Joego-Slawië, Rwanda en Nigerië.

By 'n kruispad

Ons is inderdaad weer by 'n kruispad.

Ons sien dié inisiatief as deel van die smeltkroes wat Slabbert in sy boek noem, allermins 'n "sagte en sussende byeenkoms". Dus het ons 'n hele handvol van Afrikaans se skerpsinnigste denkers gevra om uit hul perspektief te skryf oor waar die toekoms vir Afrikaans en al haar mense lê. Selfs of daar hoegenaamd 'n toekoms is.

Ons verwag nie dat die een of ander groot volksredding in Beeld se kolomme gebore sal word nie. Dis 'n koerant wie se hooftaak dit is om in te lig en te vermaak. Koerante "red" nie volke en tale nie. Produseer ook nie kitsoplossings nie. Maar saam met ander media vorm hulle die bloedsomloopstelsel van 'n land en 'n gemeenskap wat suurstof na elke uithoek moet vervoer. Dis wat ons wil doen. Met prikkelende leesstof.

Ons gaan hard en robuus praat en stry. Dis goed so. Die doel van debat is immers nie om die ander ou te oorreed nie, dis om mekaar se standpunte oor en weer te hoor. En hopelik agterna te bedink. Ons deelnemers is 'n wyd uiteenlopende spannetjie.

Ons het groot verwagtinge van die -reaksies wat ons van lesers gaan kry.

En, dalk, net dalk, doen ons in die volgende paar weke iets wat eendag meer as 'n voetnota in die geskiedenis sal wees.

Bogenoemde is 'n uittreksel uit Scholtz se boek Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu. Dit is 'n publikasie van Kraal Uitgewers. Om die boek te bestel, skakel 012 644 4329 of besoek www.kraaluitgewers.co.za. Prys: R220 (posgeld uitgesluit).

Bogenoemde is 'n uittreksel uit Scholtz se boek Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu. Dit is 'n publikasie van Kraal Uitgewers. Om die boek te bestel, skakel 012 644 4329 of besoek www.kraaluitgewers.co.za. Prys: R220 (posgeld uitgesluit). Onderstaande is 'n uittreksel uit Scholtz se boek Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu.

Die Afrikaner het sedert sy ontstaan voor verskeie keuses te staan gekom wat nie net die geskiedenis in 'n sekere rigting gelei het nie, maar ook die groep se wil vir oorlewing sou beklemtoon.

Dit sluit onder meer in die keuses om tot stand te kom deur die Boererepublieke, vir Afrikaans, die radikalisering van Afrikanernasionalisme, die keuse teen bruin mense, vir apartheid en stagnasie, die oorwinning van 1948 en die prysgawe van mag in 1994.

Hoe intens baie Afrikaners die oorwinning van 1948 gevoel het, is uitstekend verwoord in 'n hoofartikel van Die Burgerop 31 Mei 1948, net vyf dae ná die verkiesing:

"Hoe tuis voel 'n mens hom nie weer in sy eie vaderland nie! So was dit nie in die afgelope jare nie. Die nasionaal gesinde Afrikaner . . . het hom onwelkom, selfs onveilig in die land van sy vadere gevoel . . . Hy het hom dikwels 'n onterfde gevoel, 'n vreemdeling wie se erfenis in ander hande oorgegaan het. Asof met 'n towerslag het dit alles verander. Die Afrikanervolk het uit die stof van sy vernedering opgestaan."

Oorwinning en verdrukking
Maar die oorwinning het ook aanleiding gegee tot die verdrukking van die swart en bruin Suid-Afrikaners en tot ’n verdere struggle teen wit oorheersing. Ook dié stryd is met groot bitterheid – en dié keer met growwe geweld aan albei kante – gevoer totdat ’n rasionele keuse in die jare van 1990 tot 1994 gemaak is dat prysgawe van mag aan die swart meerderheid minder nadele as die voortsetting van die konflik sou inhou. Dit het gelei tot die eerste ten volle demokratiese verkiesing van 27 April 1994 en die magsoorname van die regerende ANC, wat deur die meeste wit Afrikaners dekades lank as hul doodsvyand beskou is.
Wat baie wit mense as ondenkbaar beskou het, het gebeur. Die swartes het oorgeneem. Weer, soos in 1902, is die wit Afrikaners hul selfbeskikking kwyt. Weer is dit ander wat voortaan sou besluit wat gebeur. Weer word teen Afrikaans gediskrimineer. Weer word dit – dié keer deur die invoer van regstellende aksie – moeilik vir veral jong wit Afrikaners (en bruin mense) gemaak om in die staatsdiens en private sektor werk te kry.
Afrikaner weer verdwaas
Dis waar, in die geheel genome het die Afrikaners ekonomies ’n “sagte landing” gehad. Ondanks die feit dat honderdduisende wit mense – onder wie talle Afrikaners – armblankes geword het, het die meeste ekonomies nie agteruit gegaan nie. Nietemin is baie Afrikaners – hoewel lank nie almal nie – op geestelike vlak weer, net soos destyds, verdwaas, radeloos, reddeloos, moedeloos en leierloos. Soos soveel keer tevore besluit sommige Afrikaners inderdaad om hul taal die rug toe te keer. Ander emigreer na die buiteland of na binne, na materialisme en persoonlike besittings.
Die vraag is nou: Hoe moet Afrikaners op die nuwe situasie reageer? Het moderne Afrikaners dit in hulle om hulle by die nuwe werklikheid van die verlore heerskappy neer te lê en dit binne die praktiese beperkings in ’n herwonne toekoms te omskep? Het hulle die geestelike, die emosionele en die intellek-tuele krag om die verlies van mag te bowe te kom en nie alleen te oorleef nie, maar iets groots in die praktyk tot stand te bring? Sal van hulle gesê word dat hulle in ’n krisistyd deur die smeltkroes gegaan en sterker anderkant uitgekom het? Of sal hulle sagkens, soos ’n kers onder ’n maatemmer, uitgedoof word?
Die groot vraag is uiteindelik: Het die Afrikaners dieselfde kollektiewe wil om te oor-
leef as ’n eeu gelede? Die vraag sal in die komende dekades beantwoord word. N.P. van Wyk Louw het in een van sy geskrifte uitgewei oor die vraag wanneer die Afrikaners kan ophou bestaan. Een moontlikheid was “dat die meerderheid van die mense dit nie meer die moeite werd ag om as volk apart voort te gaan nie”.
Dit gebeur wanneer mense “voel dat die geesteslewe van hul groep nie meer vir die individu genoeg is om van te bestaan nie; wanneer die groepslewe vir die enkeling ’n gevangenis word; wanneer die taal te weinig bied om die honger van die verstand te versadig; die gangbare gedagtes van die volk, verstarrend, die mens isoleer van die ruim wêreld daarbuite . . . ”

Met ander woorde, het Afrikaners die geestelike spierkrag en deursettingsvemoë om ’n aangepaste identiteit in nuwe omstandighede te ontwikkel?

**AFRIKAANS EN SY MENSE - WAARHEEN? 2** Selfstandige kruispad Beeld 04 Mei 2016 00:00
Afrikaners is net ’n onderdeel van Afrikaans, skryf Danny Titus, terwyl Alida Kok Engelbrecht klem lê op die belang van selfstandigheid vir die oorlewing van Afrikaners.
Danny Titus skryf:
Ons vra die verkeerde vrae oor Afrikaanssprekendes as ons eintlik oor Afrikaners wil praat.
Afrikaners kan weer by ’n “historiese kruispad” wees. Dit is gewoon nie dieselfde kruispad van die groter spektrum van Afrikaanssprekendes nie.
Die groter gros van Afrikaanse media weier gewoon om dié Suid-Afrikaanse feit te wil aanvaar. Sodoende kom die volle verhaal van Afrikaans en Afrikaanssprekendes nie aan die bod nie.
Afrikaners is ’n beduidende onderdeel van Afrikaans.
Hulle is nie die alleenverteenwoordigers van Afrikaans nie.
Hierdie tydige gesprek van Beeld sal nie die gewenste uitkoms van interessant, verruimend en grensverskuiwend bereik nie as die rigsnoer Leopold Scholtz se Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu as uitgangspunt het.
Afrikaners en hul geskiedenis is een ding. Afrikaanssprekendes, bruin mense, swart African-mense, Moslem-mense, In-diër-mense, wit mense en deesdae Africanbuitelanders en hul belewenisse as Afrikaanse taalsprekers is ’n ander.
Dit is hier waar die taal se verruiming lê: om Afrikaans te verruim buite die beperktheid van die enkele groep.
Afrikaans is een van die 11 Suid-Afrikaanse tale. Dit kan nie die enigste wees nie.
Ons het reeds die oorheersing en diktatuur van ’n enkele Afrikaanse dialek deurbreek en verruim met die koms van demokrasie.
Die SAUK is besig om Afrikaans saam met die Khoi- en San-tale te groepeer. Dit is vir my verruiming en tot ’n mate vernuwing.
Met die hoorsittings van die Menseregtekommissie oor Khoi- en San-mense was dit opvallend hoe sterk daar Afrikaans gepraat is. Khoi- en San-mense en hul nasate is -byna deur die bank Afrikaanssprekend, geslagte lank, deel van die taal en deel van die kultuur.
Die werklike kruispad
Hier lê die eintlike kruispad vir Afrikaans: om sy ware kleure te erken en te respekteer; om sy waarheid en niks behalwe sy waarheid nie te vertel; om sy onderdrukking, verdrukking en rassisme duidelik te stel; en om sy bevryding, sy samesyn en sy vreugde te smaak.

Die naweek by die Suidoosterfees in Kaapstad is die tema die 50-jarige herdenking van die ontmensliking van Distrik Ses, deur grootliks Afrikaanssprekendes teenoor oorheersend Afrikaanssprekendes.

Al was die wonde ook hoe diep, kon die fees afsluit met Suid-Afrikaners wat voor ’n volgepakte gehoor kon wys hoe ons die naakte wreedhede kon oorkom.
Sang in diversiteit, Italiaans, Afrikaans, Engels, maar die oorwegende toon was ons moedertaal, selfs uit Khayelitsha.
’n Kollega kom sien my in my kantoor vroeër vanjaar. Die werklikhede van Distrik Ses het haar gedryf. “Ek wil net vir jou sê ek is jammer vir wat my mense aan jou mense gedoen het.”
Sy is eerlik, opreg en emosioneel. Ek stap om die tafel en hou haar vas. Ek het nie woorde nie. Sy ook nie meer nie.
Ons stiltes spreek boekdele, in Afrikaans, ons Afrikaans. Dit is anders as die bitter op sosiale media.
Vernuwe en verruim
Afrikaans moet steeds vernuwe en verruim. Ons moet dit hoor van die vleisbraaivure, die resepte vannie Bonteheuwel, die Bo-Kaap, Eldoradopark, die Noord-Kaap, Soweto, Khayelitsha, Pretoria, Laudium.
Dít is wat ons op ons universiteite moet hoor, in ons debatte, op die voorblaaie van die Afrikaanse pers, ’n nuwe vars Afrikaans, ’n nuwe volkstigting, ’n ander volksplanting.
Ons taal- en kultuurerfenisse is gruwelik verdeeld.
Die hoge Nederlands het gewoon nie in die monde van die Kreoolse Suid-Afrikaanse nasie gepas nie.
Daarom praat ons van “ons” en nie van “wij” nie, daarom sê ons “ons is” en nie “wij zijn” nie.
Daarom praat ons Afrikaans en nie Nederlands nie.
Afrikaans en al sy sprekers se stemme moet gehoor word.
De tael is toch immers gansch het volk?
Dr. Titus is uitvoerende direkteur: kultuur van die ATKV.
Alida Kok Engelbrecht skryf:
En in die begin was daar apartheid.
Dit is die onlangse kataklismiese gebeurtenis in Afrikaner-mitologie wat aan die tweede generasie ná die generasies van apartheidsoortreders oorvertel word.
Hier verwys “mitologie” nie noodwendig na ’n fabel nie, maar eerder na ’n versameling van stories oor die Afrikaner. Die tweede generasie weet nie van die verre verlede se kruispaaie nie: vryburgers, die Groot Trek, die Suid-Afrikaanse Oorlog, Uniewording, Republiekwording, die Grensoorlog.
Ons weet net dat ons uit apartheid gebore is en dat die lyne wat deur apartheid neergelê is steeds grootliks ons lewens in die openbare sfeer bepaal.
Mitologie van Afrikaners
Die mitologie van ons kultuurgroep is relevant in ’n oorweging van die moderne Afrikaners, want die stories wat ons van onsself hoor en oorvertel, bepaal die grense van ons bestaan en die aard van wat ons as “die waarheid” beskou.
Ons denke oor onsself bepaal die landskap waarin ons kan rondbeweeg. Neem byvoorbeeld die antieke Grieke: Griekse mitologie handel oor die gode en dui op hoe die mens kan leef om ook onsterflik, soos die gode, te wees. Die wêreld wat geskep is deur hierdie mitologie is een waarin uitnemendheid ge-seëvier het weens die strewe na onsterflikheid. Dink byvoorbeeld aan die afkoms van die Olimpiese Spele.
Met die oorname van die Romeinse Ryk het die stories wat die Romeine oor hulself vertel het, gehandel oor die praktiese ontsnapping aan ’n strawwe bestaan en ’n wyse om ’n “goeie lewe” te leef.
Amper twee millennia later, in die moderne wêreld, vind ’n mens nog ’n voorbeeld daarvan in die versameling van stories wat Amerikaners oor hulself vertel het in die middel 20ste eeu.
Hierdie stories het ’n landskap geskets waarin die verwesenliking van die amper onmoontlike kon plaasvind, soos die inval van Europa in die Tweede Wêreldoorlog en die reis na die maan.
Afrika probeer al sedert die middel 19de eeu om ’n nuwe storie oor homself te vertel: ’n Mitologie waarin ’n bevrydende swart nasionalisme, Pan-Afrikanisme en swart bewussyn bestaan.
Selfstandigheid verseker oorlewing
Net so het Afrikaner-mitologie ook sedert die 19de eeu as dryfveer gedien vir ’n kollektiewe bewussyn. In ons mitologie word selfstandigheid bowenal op prys gestel. Selfstandigheid het die oorlewing verseker van ’n groep mense wat weggetrek het uit Europa na Afrika, uit die Kaapkolonie na die binneland en uit die platteland na stede weens die verwoesting wat gesaai was deur oorlog.
’n Tydperk van ongeëwenaarde welvaart, weens Afrikanernasionalisme, het daarna gevolg en toe die beëindiging van ’n immorele apartheidstelsel.
Op die tydstip het geskiedenis Afrikaner-mitologie ongeldig verklaar. Ons stories het nou van ’n openbare gehoor na die veiligheid van die private sektor verskuif. Die migrasie van Afrikaner het dus weer plaasgevind, maar dié keer na ’n “interne” wêreld: fisies en spreekwoordelik binne die beskerming van vier mure en ook los van die geheel, besig met ons eie interne besinnings. Eerste en tweede generasiegroepe wit, Afrikaanssprekende mense het verskillende beskouings oor hulself in die konteks van Suid-Afrika en die wêreld en as jy ’n vlieg aan die muur is by ’n Sondagmiddagete of ook met ’n bier in die hand kan staan langs ’n vleisbraaivuur, dan hoor jy stelselmatig wat hierdie beskouings is.
Sommige sien hulself steeds as superieur en dat hulle meer menslik is as ander, sommige gee nie ’n bloue duit om oor hul lewe in die openbaar nie, maar talle klou nog steeds in die geheim vas aan hul verstaan van ’n Afrikaneridentiteit en Afrikanerselfstandigheid is die een mitologiese eienskap wat deurgetrek is na die hede. Op ’n manier verseker selfstandigheid weer ons bestaan.

Ons fisiese verskuiwings van een geografiese punt na ’n ander het al hoe kleiner geraak, terwyl ons denkbeeldige verskuiwings al hoe groter geraak het. Mense is nie eilande nie en hoewel elkeen besig is met sy eie besinning, het Afrikaners steeds ’n gedeelde ervaring wat dien as gemene deler in die kollektief en op die volgende denkbeeldige front is daar nie grense tot die verstaan van ons bestaan en waarhede nie.
Kok Engelbrecht is ’n lektor in politieke wetenskap aan Unisa.

**AFRKAANS EN SY MENSE - WAARHEEN? 3** Bouers en bevryders Deur Flip Buys en Japie Gouws 05 Mei 2016 00:14
Flip Buys sê net die meerderheid is vry in ’n demokrasie sonder kulturele vryheid. Japie Gouws moedig alle Suid-Afrikaners aan om hul stories te vertel en na ander s’n te luister.
Flip Buys skryf:
Die Nederlandse denker, Bob Goudzwaard, het gesê dat Afrikaners se geskiedenis eerder ’n stryd om oorlewing is as wat dit om oorheersing gaan.
Ná 1994 het Afrikaners net ’n gewone minderheid geword, met ’n meerderheid wat oor ons lewens besluit.
Dit lyk of die ANC die struggle voortsit met staatsmag en dat groot dele van die staat verval. Ons grondliggende belange, soos Afrikaans, skole en universiteite, ly onherstelbare skade en rassewetgewing bedreig ons in die werkplek, in sake en in sport.
Die staatsideologie van transformasie met sy 80:9:9:2-formule (swart, wit, bruin, Indiër) van bevolkingsverteenwoordiging dien as werktuig om met die ANC se beleid van “African hegemony” ons lewens orals te domineer. Terugskouend voel baie mense dat ons vir ’n demokrasie gestem het, maar ’n (onderhandelde) rewolusie gekry het.
Al daal die ANC se stemme tot 51%, hou hy steeds 100% van die mag.
Gelukkig het drie vorme van “beste praktyke” internasionaal ontwikkel vir multikulturele lande om soortgelyke uitdagings as dié in Suid-Afrika te bestuur. Dit behels individuele regte vir monokulturele lande; groepsregte met afgewentelde regte en magte vir multikulturele lande; en selfs gebiedsregte met wisselende vlakke van outonomie. Die doel hiervan is om kulturele vryheid vir almal ingevolge die jongste VN-standaarde te verseker.
Dit verhoed dat meerderheidsregering in meerderheidsoorheersing ontaard.
In ’n demokrasie sonder kulturele vryheid is net die meerderheid vry. ’n Stelsel wat net op individuele regte geskoei is, sal te simplisties wees vir komplekse multikulturele samelewings soos dié in Suid-Afrika.
Bestaansuitdaging
Hierdie demokratiese grondwetlike ruimtes vir mense om hul individuele regte op byvoorbeeld moedertaalonderrig gesamentlik uit te oefen, word tans verskraal deur krimpende politieke ruimtes. Die individuele regte van die meerderheid op toegang weeg nou swaarder as die individuele regte van die minderheid op moedertaalonderrig.
So word politieke mag nou sterker as grondwetlike gesag en verander die eertydse bevryders in heersers. Die regering misbruik sy politieke mag om ons multikulturele land volgens sy monokulturele beeld te omskep.
Nasiebou word verskraal tot inlywing by die meerderheid. Dit skep vir ons ’n bestaansuitdaging omdat Afrikaners as (grondwetlike) kultuurgemeenskap nie deel is van die regering se toekomsbeeld nie, behalwe as ingelyfde enkelinge.
Soos die VN se ontwikkelingsverslag van 2004 oor kulturele vryheid uitwys: “As die geskiedenis van die 20ste eeu iéts bewys het, dan is dit dat pogings om kultuurgroepe weg te wens of by die meerderheid in te lyf, eerder ’n lewenskragtige herlewing uitlok.”
Risikobestuur
Die vraag is wat Afrikaners moet doen wat die grondwetlike ruimte wil hê om 100% Afrikaners te wees, sodat hulle ook 100% Suid-Afrikaners kan wees. Die risiko is te groot om permanent afhanklik te wees van die verdraagsaamheid en gehalte van ’n ANC-regering. Die howe kan wel uitsprake lewer teen korrupte regeringsleiers, maar hulle kan nie goeie regering verseker nie.
Die grondwetlike ruimtes vir taal- en kultuurgroepe is as blote magtigende bepalings nie afdwingbaar genoeg om kulturele vryheid suksesvol te bereg nie. Boonop het daar in praktyk niks gekom nie van die instellings wat gemeenskapsregte moes bevorder.
Kruispad
Hierdie verwikkelings het ons by ’n kruispad te staan gebring, met vier toekomspaaie vir vier groepe Afrikaners (sien grafika):
Vreemdelinge: Dit is onbetrokke Afrikaners wat negatief oor die land voel, maar wat positief is oor Afrikaneridentiteit.
Emigrante: Afrikaners wat negatief oor die land én Afrikanerskap is, en wat inwaarts of uitwaarts emigreer.
Enkelinge: Hulle is positief oor die land as Afrikaanse enkelinge.
Bouers: Afrikaners wat positief oor die land, hul Afrikaner- én Afrikaanse identiteit is, en wat aktief wil bou aan die toekoms en vryheid, veiligheid en voorspoed van almal.
Die Romeinse denker Sallust het gesê: “Min mense begeer vryheid. Die meeste verkies net regverdige heersers.” Bouers is vrye burgers en nie onderdane nie. Daarom kies bouers die pad om kulturele vryheid te bou deur sterk gemeenskapsorganisasies.
Buys is voorsitter van Solidariteit.
Japie Gouws skryf:
Pretoria FM is die uitsaaivennoot van die reeks. Luister soggens om 08:20 na ’n bydrae – op frekwensie 104.2 of DStv-klankkanaal 887 of by www.pretoriafm.co.za

In alle terme is Afrikaans ’n jong taal. Die geskiedenis en oorspronge van Afrikaans is nog nie behoorlik vertel en opgeteken nie.

Afrikaans is/word dikwels uitgekryt vir die taal van die verdrukker.
Daarenteen is daar talle Afrikaanssprekendes wat weer sê dat Afrikaans vir hulle die taal van bevryding was.
Wat egter soos ’n paal bo water staan, is dat Afrikaans waarskynlik die mees inklusiewe inheemse taal in Suid-Afrika is.
Van die bykans 7 miljoen huistaal Afrikaanssprekendes is 50% bruin, 40% wit, 9% swart en 1% Asiër (volgens die 2011-sensus).
Daarbenewens is daar bykans dubbeld soveel bykomende taalsprekers wat elke dag by die werk, by die huis en by die skool, Afrikaans gebruik. Dus is Afrikaans nie net die derde grootste (13,5%) huistaalgroep nie, maar gebruik bykans 40% van alle Suid-Afrikaners op ’n gereelde grondslag Afrikaans.
Afrikaans is dus nie so ’n minderheidstaal as wat dikwels beweer word nie.
Toenemende verengelsing
Suid-Afrika se veelbewoë geskiedenis het baie kinkels. Die NP was sedert 1948 46 jaar lank aan die bewind en het dalk veroorsaak dat Afrikaans nie vir alle mense aanvaarbaar was nie. Daarenteen is die ANC nou bykans die helfte solank aan stuur en daar is weinig vordering gemaak met die opheffing van ander inheemse tale.
Die toepassing van taalregte waarop ons ingevolge die Grondwet geregtig is, asook die taalwet wat staatsdepartemente en -instellings verplig om taalbeleid met inagneming van die demografie van Suid-Afrikaners op te stel, laat ook veel te wense oor.
Die aanslag op die taalbeleid van skole en tersiêre instellings die laaste maande skep ook nie ’n rooskleurige prentjie oor die toekoms van Afrikaans nie. Wat veral onverstaanbaar is, is dat meer as 90% van Suid-Afrikaners se huistaal nie Engels is nie, maar dat alle pogings dui op die verengelsing van opleiding en ontwikkeling. Dít terwyl alle ander koloniale nalatenskappe onder skoot is!
Die toekoms van Afrikaans hoef egter nie duister te wees nie.
Daarvan getuig die talle suksesse wat ondanks al die bedreigings bereik word. Dit verg egter deursettingsvermoë van alle Suid-Afrikaners om verantwoordelikheid te neem van hul geskiedenis, erfenis, taal en kultuur.
Almal moet aangemoedig word om hul stories te vertel en ook na ander s’n te luister.
Dit is hoe ons nasiebou gaan bevorder, sonder die prysgawe van wat eie aan ons is.
Suid-Afrika se leuse, “!ke e: /xarra //ke”, beteken eenheid in diversiteit. As ons die leuse wil waar maak, beteken dit dat almal mekaar se diversiteite moet aanvaar.
Elkeen moet bereid wees om jou eie geskiedenis, erfenis, taal en kultuur se stories te verstaan en te vertel, maar ook om ander s’n te respekteer en daarna te luister.

In ’n artikel in The New Age skryf Jo-Mangaliso Mdhlela, hoof van The TNA and ANN7 Cadet School, na aanleiding van die aanvaarding van ’n Engelse taalbeleid by die Universiteit van die Vrystaat: “Discarding Afrikaans as the language of the oppressor is misplaced as its use is widespread in the country among a variety of people.”
Waarheen nou?
Is Afrikaanssprekendes by ’n kruispad? En waarheen dan nou? Die wel en wee van alle Suid-Afrikaners was nog altyd en is steeds vol kruispaaie. Indien die volle geskiedenis van alle volke hier nagegaan word, sal die mislukkings maar ook die suksesse om by die kruispaaie verby te kom, raakgesien kan word.
Afrikaanssprekendes het veral die wil om die geleenthede raak te sien om ’n roete by die kruispaaie te kan kies. Keuses moet inklusief gedoen word. Die toekoms moet ontwerp en geskep word sonder om iemand te na te kom en sonder uitsluiting van ander tale en kulture. Afrikaans het in sy jong geskiedenis al bewys wat hy kan vermag met onderrig, vermaak en kommunikasie.
Afrikaanssprekendes kan ’n groot rol speel in die bemagtiging van mense wat Afrikaans praat, maar ook van al die ander taal- en kultuurgroepe. Kom ons doen dit!
Gouws is besturende direkteur van die ATKV-groep.

**AFRIKAANS EN SY MENSE - WAARHEEN?** 4 Wie is Afrikaanses? Beeld 06 Mei 2016 00:05
Tim du Plessis vat die eerste week se bydraes saam, terwyl Rudolf Stehle vra vir ’n nuwe en onafhanklike Afrikaanse universiteit wat nie op ras gegrond is nie.
Tim vat saam:
Met ’n stuk of vyf bydraes agter die blad is een vraag reeds ferm op die tafel: Wie is dié Afrikaanse mense wie se “waarheen” ons hier wil ontrafel? “Afrikaners” of almal wat Afrikaans praat en verstaan?
Leopold Scholtz se Kruispaaie-boek, waaruit die openingsbydrae kom, is vanuit die hoek van die tradisionele (wit) Afrikaner-perspektief geskryf. Flip Buysskryf ook grootliks oor die huidige problematiek van Afrikaners. Solidariteit se tradisionele siening van ’n Afrikaner is enigiemand wat hom of haar identifiseer as Afrikaner ongeag herkoms of velkleur. Afrikaanses het ek nog nooit by hulle gehoor nie.
Danny Titus sê as dié gesprek oor “Afrikaner” gaan, gaan dit nêrens heen nie. Tog maak hy dié (vir my) skerpsinnige opmerking: “Afrikaners is ’n beduidende onderdeel van Afrikaans. (Maar) . . . hulle is nie die alleenverteenwoordigers van Afrikaans nie.” Titus se bydrae het nogal met my gepraat.
Ook omdat ek daarna Buys se ewe geldige waarneming gelees het: Die ANC-regering

se beleid van nasiebou deur oorheersing skep vir Afrikaners " 'n bestaansuitdaging omdat Afrikaners as grondwetlike kultuurgemeenskap nie deel is van die regering se toekomsbeeld nie, behalwe as ingelyfde enkelinge".
ONS SAL VORDER AS ONS NET NA MEKAAR SE STORIES LUISTER.
Of soos ek die ANC verstaan: Julle mag Afrikaners wees, maar net volgens my bestelling, waarvan nommer een is: Los jul aandrang op Afrikaanse skole ongeag of dit 'n grondwetlike reg is.

My punt: Voordat Afrikaners die politieke heersers sal oortuig van hul legitieme aansprake – in soverre dit moontlik is – sal hulle eers die ander Afrikaansprаters moet oortuig wat hulle nié identifiseer as "Afrikaners" nie. Die ANC is, selfs in sy vervalle toestand, steeds meesters in die kuns van verdeel en heers.
Hiervoor sal twee goed moet gebeur:
Afrikaners sal sigbaar, hoorbaar en voelbaar verantwoording moet doen vir die onreg wat wit sprekers van die taal hul bruin taalgenote aangedoen het. Soos Titus se kollega (by die ATKV, neem ek aan) gedoen het; en
Bruin en swart Afrikaanssprekendes sal die "mensgeldigheid" van hul wit taalgenote moet aanvaar. Dis waarom Titus se tipering van "beduidend" behulpsaam is.
Die vergrype van kolonialisme en apartheid, verwerplik soos hulle was en is, maak my nie minder mens in 2016 nie. Dis soos om aan die Duitsers te sê weens hul Nazi-verlede mag hulle nie protesteer as die Europese Unie sou besluit om Duits as een van sy ampstale af te skaf nie.
Ons gaan sukkel om nuwe kontoere op die Afrikaanse landskap te trek as wit Afrikaanse mense aanhoudend met die teerkwas van apartheid tot tweedeklasburgers gereduseer word wat liefs moet bekhou.
Afrikaners weer wat graag dié proses tussen wit en bruin/swart taalgenote wil aanhelp, kan gerus onthou dit sal die hele doel verydel om met 'n "ja-maar"-gesindheid in te gaan. Ja, maar dit was nie so erg nie. Ja, maar nie álles was sleg nie. Of "julle mense" moet erken die Afrikaners het die land "opgebou".
Luister na mekaar se stories
In dié verband het die politiekdosent Alida Kok Engelbrecht die belangrikheid uitgewys van die "stories", die mitologie, wat groepe en volke deel en van geslag tot geslag oordra.
Hier is iets wat ontgin kan word. Ons sal vorder as ons net na mekaar se stories luister – onbevange, sonder oordeel en vooroordeel. Kok Engelbrecht se insiggewende opmerking dat die Afrikaners se meesternarratief in 1994 geëindig het, was nogal iets om te sluk.
Inderdaad. Watter "storie" sal die Afrikaners vertel as hulle eendag oor die post-1994-era moet praat? Hul huidige "storie" kan nie onbepaald, soos Kok Engelbrecht sê, in die "interne wêreld" van vleisbraaivure en huiskroeë vertel word nie.
Japie Gouws van die ATKV is Afrikaans se man met 'n lied in die hart en met hande en 'n kop wat vir niks verkeerd staan nie. Hy is sommer ook die antwoord op die -ouens wat wil hê 'n ouderdomsperk moet geld vir deelnemers aan die Groot Afrikaanse Saampraat.
Gouws is ook Afrikaans se geheime agent. Met sy welwillende aanslag steek hy grense oor en wen vriende vir Afrikaans op plekke en by geleenthede waarvan talle net kan droom.
Glo hom dus maar as hy sê Afrikaans word gereeld deur 'n geraamde 40% van alle Suid-Afrikaners gebruik. Dit is dus nie die minderheidstaal, soos wat sekere lui denkers ons wil laat glo nie.
Gouws en sy ATKV leef en werk in vele opsigte reeds in die nuwe Afrikaanse denk- en leefwêreld waarvan ander nog droom.
Hy eggo die tema in Kok Engelbrecht se stuk wanneer hy skryf: "Ons moet ons eie én mekaar se stories ken en verstaan."
Du Plessis is gasredakteur van die gesprek-reeks en nuushoof by kykNET.
AFRIKAANS HOEF NIE GEBABYSIT TE WORD NIE. SY MOET NET NEERGESIT WORD – SODAT SY KAN HARDLOOP.
Wat is Steve Hofmeyr se mening?
Lees sy bydrae môre.
Rudolf Stehle skryf:
'n Eeu gelede was Afrikaans in 'n soortgelyke situasie as vandag. Die openbare lewe is deur Engels oorheers en lord -Milner se meedoënlose pogings om die wit Afrikaanse bevolking ná die Anglo-Boereoorlog te verengels, was vlak in die geheue.
"Die studente het in 1911 gepleit vir 'n Afrikaanse universiteit op Stellenbosch om die arm Afrikaners op te hef uit die imperialistiese drukgang waarin die naweë van die oorlog hulle gelaat het," skryf wyle prof. Pieter Kapp in Maties & Afrikaans 1911-2011: 'n Besondere verhouding.
Die Afrikaner-intelligentsia het terselfdertyd in hul moedertaal begin glo en ingespring en ondernemings soos die Nasionale Pers, Die Burger en Sanlam begin om Afrikaanssprekendes in hul moedertaal te bedien.
Die ywer van dié jong taalturke is, danksy 'n ruim erflating deur die Stellenbosser Jannie Marais, beloon met die totstandkoming in 1918 van die Universiteit Stellenbosch (US), die eerste Afrikaanse universiteit in die land.
Dit het die weg gebaan vir die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal en sy snelle opgang van 'n dialek tot 'n hoogs ontwikkelde taal. Afrikaners is daarmee saam uit armoede gelig.
Kruispad
Vandag is Afrikaans en ál sy sprekers – wit, bruin, swart, Indiër – weer by 'n kruispad.
Sedert 1994 was daar 'n drastiese afname in die gebruik van Afrikaans in alle openbare sektore, insluitend die histories Afrikaanse universiteite waar die ANC-regering onder die dekmantel van transformasie druk uitoefen om dié universiteite te verengels.
Universiteitsbesture swig telkens daaronder. 'n Paar universiteite bied nog klasse in Afrikaans aan, maar dié aanbod neem drasties af.

Te oordeel na onlangse uitlatings deur prof. Wim de Villiers, US-rektor, die onderduimse wyse waarop twee US-fakulteite lynreg teen die US-taalbeleid in na slegs Engels-medium oorgeskakel het en die verdediging van die verengelsing deur Afrikaanse dosente, soos proff. Anton van Niekerk en Amanda Gouws, is Afrikaans se dae hier getel.
Hiermee suggereer ek allermins die stryd om die behoud van Afrikaans aan dié instellings moet laat vaar word. Maar die benarde situasie bring Afrikaanssprekendes voor die keuse te staan: Pas aan en verseker op ’n innoverende wyse die voortbestaan van Afrikaans of gee boedel oor en kyk toe hoe die taal teruggly na “kombuistaal”-status. Afrikaans benodig nou wéér taalentrepreneurs met ondernemingsgees.
Stig onafhanklike universiteit
Die tyd is ryp vir die oprigting van ’n onafhanklike Afrikaanse universiteit.
Die Solidariteit Beweging het reeds proaktief opgetree en in 2012 ’n Afrikaanse universiteit sonder winsbejag, Akademia, gestig.

Ongelukkig bestaan die persepsie dat die beweging hom eksklusief toespits op die bevordering van wit Afrikaners se belange en die beskerming van hul minderheidsregte met die -gevolg dat bruin, swart en Indiër-Afrikaans-sprekendes – 60% van die taal se sprekers – uitgesluit word. Uitsluiting op etniese gronde het geen bestaansreg meer nie.
Leopold Scholtz het gister tereg in ’n rubriek in Die Burger (“Afrikaans hét staanplek by US”) geskryf dat “Afrikaans aan die US nie gered (sal) word as ons dit bloot as ’n etniese Afrikaner-enklave wil behou nie”.
Dié voorbehoud geld ook Akademia, ondanks Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, se versekering in Beeld (“Saamstaan-kultuurkrag”, 9 Oktober 2015) dat Akademia “toeganklik vir en tot voordeel (is) van almal wat in Afrikaans wil studeer”. Die probleem is dat Akademia vanweë sy bande met die beweging onvermydelik dié se institusionele kultuur sal eggo.
Die oplossing lê daarom in ’n universiteit wat apolities en nie-rassig is met as enigste doelwit die bevordering van hoëgehalte-onderrig in Afrikaans. Plek sou ook mettertyd ingeruim kon word vir onderrig in die ander inheemse landstale. Dié moet eers tot volwaardige universiteitstale ontwikkel word, maar ’n onafhanklike Afrikaanse universiteit kan potensieel ook daartoe ’n bydrae lewer.
Anders as ’n eeu gelede moet dié universiteit vry wees van die nasionalistiese en etnies-kulturele strewe waarmee die taalstryd destyds verweef was. Wat in die huidige geslag aktiviste se guns tel, is dat hulle in Afrikaans ’n hoogs ontwikkelde taal geërf het.
Afrikaanse skrywers, taalorganisasies en taalkenners, soos wyle prof. Neville Alexander, het al in 2009-’10 met die gedagte gespeel om ’n onafhanklike universiteit, die sogenaamde Vrye Afrikaanse Universiteit, met klein satellietlokale oor die land heen op te rig.
Daar sou hoofsaaklik van telematiese onderrig en besoekende dosente gebruik gemaak word. So ’n universiteit bied ’n rits uitdagings waarvan die grootste seker logistiek en finansies is. Maar dit is nie onoorkombaar nie.
Die vier histories Afrikaanse universiteite ontvang ruim geldelike skenkings van welgestelde Afrikaanse individue en instellings. Indien hulle oorreed kan word om hul geld eerder na ’n onafhanklike Afrikaanse universiteit te kanaliseer, kan so ’n projek slaag.
So, waar is die Jannie Marais’s van 2016?
Stehle is ’n redaksielid van Beeld.

EKONOMIESE OORSIG: MEI 2016

Samevatting

Die wêreld se ekonomiese groei bly beskeie en is die afgelope maand selfs deur die IMF marginaal laer aangepas. Daarby bly inflasiekoerse laag en is daar vrees vir negatiewe inflasiekoerse in sekere lande. Die Reserwebanke van die groot nywerheidslande, met die uitsondering van die ESB, het die afgelope maand geen verdere stimulasie- of ander maatreës aangekondig nie. Wisselkoerse het hierop reageer wat dan ook, myns insiens, die belangrikste aksie op markte was.
Later in die maand sal die BBP gegewens vir die RSA vir kw1 vrygestel word. Gegewens tot dusver uitgereik, dui op ‘n swak ekonomiese groeikoers. Die inflasiekoers, VPI, se koerstoename het effens verlangsaam. Die handelsyfers vir kw1 lyk beter veral weens swakker invoer ten spyte van groter graaninvoere. Dit dui op traer binnelandse besteding. Die onsekerheid of die land se internasionale kredietwaardigheid verder verlaag gaan word, en wel tot ‘n vlak van nie-kredietwaardig, skep steeds onsekerhede. Daarby word tans onverantwoordelike populistiese politieke uitsprake gemaak wat waarskynlik sal voortduur tot die verkiesing vroeg in Augustus. Dit skep onrealistiese verwagtinge en onsekerheid oor die ekonomiese beleid wat gevolg gaan word.
Internasionale gebeure
Soos in die samevatting reeds genoem, het valutamarkte die die afgelope maand uiteenlopend gereageer. Die agtergrond hiertoe is die feit dat ekonomiese groei, en veral privaat verbruiksbesteding in die VSA, steeds traag vertoon ten spyte van stygings in die totale vergoedingspakket en lae rentekoerse. Gevolglik het die Fed nie rentekoerse verhoog, soos wat grootliks verwag was nie. Verwagtinge in die mark van sekere markdeelnemers is tans dat rentekoerse in die VSA vanjaar dalk glad nie verhoog sal word nie. Die gevolg is dat die VSA$ in waarde verswak het teenoor ander geldeenhede. Daarmee saam was die verwagting dat die Bank van Japan verdere monetêre stimulasie maatreëls sou aankondig wat toe nie gebeur het nie. Dit in eie reg het toe daartoe bygedra dat die jen in waarde teenooor die VSA$ versterk het. (Soos daar in ‘n vorige

oorsig reeds op gewys is, moet na die optrede van beide lande gekyk word by die bepaling en beoordeling van 'n wisselkoers teenoor elk ander. Weer eens ter illustrasie: 'n skêr het twee lemme en die beweging van beide bepaal die gaping tussen die lemme en dus die wisselkoers.) Wat ons dus gevind het, is dat die jen in die laaste week van April met 5% teenoor die VSA$ versterk het. Dit op sy beurt het aandeelpryse in Japan laat daal, gesien die land se groot blootstelling aan uitvoer, om te kan groei. Die Nikkkei-225 het dan ook met meer as 5% verswak. Die euro het ook sterker geneig weens die verswakking van die VSA$. In dié geval was die versterking egter minder en wel ongeveer 3%. Die pond het min beweeg teenooor die VSA$ weens 'n totaal ander rede. Dit hou verband met die komende verkiesing oor Britse uittrede al dan nie uit die Europese Unie. Die moontlikheid dat gestem sal word vir uittrede plaas 'n mate van onsekerheid oor die gevolge vir Brittanje en gevolglik het die pond die afgelope tyd nie goed vertoon nie.
Die swakker waarde van die VSA$ het tot gevolg gehad dat kommoditeitspryse, in VSA$ bepaal, gestyg het. Daarmee saam is daar al hoe meer berigte wat daarop dui dat maatskappye waar die kostestrukture aan die hoë kant is, produksie begin afskaal het of self produksie gestop het, om verliese te beperk. Dit, saamgelees met die effek van die laer VSA$ waarde, het pryse op die termynmark laat styg soos wat die hieropvolgende grafiek aantoon. Hierdie toename het die afgelope maand 8,3% beloop maar dit toon sedert 19 Februarie 'n styging van 15,7%.

Hierdie toename in die termynpryse van 'n mandjie van kommoditeite het tot gevolg gehad dat kommoditeitsaandele die afgelope tyd skerp stygings getoon het.
Die prys van ru-olie in die besonder, wat deel uitmaak van voorgaande indeks, het merkbaar verbeter. Dit volg op gerugte dat olie produserende lande voelers begin uitsteek om produksie in te kort. Andersyds is daar die realiteit dat daar heelwat olie aanlegte is wat nie kan voortbestaan gegewe die huidige laer prys van ru-olie nie. In besonder, benodig die hidrobreking aanlegte van die VSA iets soos $70 per vat bloot om gelyk te breek. Daar kan dus verwag word dat daar oor tyd 'n beter ewewig tussen vraag en aanbod tot stand sal kom, ook omdat die wêreldekonomie steeds teen ongeveer 3% uitbrei en hoë voorraadvlakke geleidelik afgewerk word. Die prys van ru-olie het dan ook vanaf die besondere lae vlak op 12 Februarie tot einde April met meer as 50% gestyg. Dit was dalk 'n bietjie té veel té gou en 'n effense daling kan op die korttermyn wel weer te wagte wees. Produksie inkortings behoort die prys egter oor tyd na vlakke van minstens $50 op te stoot.

Plaaslike verwikkelinge

Plaaslik word daar met 'n mate van kommer op die bekendmaking van die BBP syfers vir kw1 gewag. Intussen is daar wel statistiese gegewens vir minstens die eerste twee maande van die jaar vrygestel wat 'n aanduiding gee van wat verwag kan word. Oorhoofs kan genoem word dat die leidende aanwyser van die sakesiklus steeds laer neig met die meevallende aanwyser wat in Januarie ook gedaal het en 1% laer as 'n jaar tevore is.

- Gegewe die ernstige droogte wat die land knel, sal landbou se BBP syfers ongetwyfeld negatief wees.
- Die volume van mynbou produksie toon 'n afname van 7,1% vir die eerste twee maande van die jaar vergeleke met die vorige jaar. Vir Februarie was die daling 8,7% ten spyte van die feit dat daar een ekstra dag vanjaar in Februarie was. Dit beteken dat daar in Februarie 3,6% meer ure vanjaar as verlede jaar gewerk is. Dit laat die syfer vir Februarie onderliggend selfs nóg swakkker vertoon.
- Wat fabriekswese betref, toon dit 'n daling van 0,3% vir die eerste twee maande. Opgewondenheid is weerspieël met Februarie se syfer wat 'n styging van 1,9% getoon het. Gedagtig aan die ekstra werksdag, is dit onderliggend egter ook negatief. 'n Negatiewe syfer word vir Maart voorsien, gesien die hoër basis 'n jaar tevore waarteen dit gemeet gaan word.
- Eenhede elektrisiteit verbruik in die RSA was in die eerste drie maande 2,9% laer as 'n jaar tevore. Vergeleke met die laaste kwartaal van 2015, seisoenaal aangepas en teen 'n jaarkoers bereken, daal dit met 3,8%. Elektrisiteitsverkope is 'n redelike goeie aanwyser van ekonomiese aktiwiteitsvlakke.
- Die konstruksie sektor kan weer 'n klein positiewe groeikoers vir kw1 toon. Dit is as dit jaar-op-jaar gemeet word.
- Wat die tersiêre sektore as groep behels, verwag ek dat dit positief sal bly met 'n onderliggende swakker neiging. Inligting dui daarop dat die vervoer van goedere skerp gedaal het. Daarteenoor vaar die toerisme bedryf blykbaar aansienlik beter. Reële kleinhandelsverkope bly positief maar die verkope van nuwe motorvoertuie toon aansienlike dalings. Die algemene owerheid se bydrae tot die BBP sal na verwagting om en by nul wees aangesien dit hoofsaaklik die loonrekening in reële terme is wat dit bepaal.
- Kyk ons oorhoofs verder wat in kw1 gebeur het, blyk dit dat die onaangesuiwerde handelsbalans van die betalingsbalans 'n tekort van R18 miljard vanjaar getoon het teenooor die tekort van R29,5 miljard verlede jaar. Die syfers toon dat in nominale terme uitvoer met 7,7% gestyg het terwyl invoer met slegs 2,6% toegeneem het. Daar moet op gelet word dat daar 'n redelike sterk verwantskap tussen binnelandse besteding en invoer bestaan. Gegewe die feit dat invoer in reële terme waarskynlik gedaal het, kan verwag word dat binnelandse besteding in kw1 min of geen toename in reële terme sal toon nie. Die beter uitvoervertoning en swakker invoersyfers moet hierby in berekening gebring word. Dit mag dus net wees dat, jaar-op-jaar gesien, die reële BBP syfer 'n klein positiewe toename sal toon. (Neem ook in ag dat die een ekstra werksdag in Februarie tot gevolg het dat die aantal ure gewerk in kw1 sowat 1,2% hoër was.) In kw1 verlede jaar was die styging in die BBP 2,2% wat tot 1,7% in kw2, 1,0% in kw3 en toe tot 0,6% in kw4 verlangsaam het. Die onderliggende neiging is dus duidelik – die BBP se toenamekoers verlangsaam geleidelik. Die IMF het die BBP groeivoorsuitsigte vir 2016 vir die RSA ook laer aangepas tot slegs 0,6%.
- Daar kan gespekuleer word oor die BNI se verloop. Dit sal na verwagting selfs swakker as die BBP vertoon gesien die netto faktorbetalings aan die buiteland wat kan toeneem.

- Die koerstoename in die inflasiekoers, VPI, het in Maart op 6,6%, gemeet vir die land as geheel, te staan gekom. Die amptelike syfer vir metropolitaanse gebiede was 6,3%. Albei syfers was effens laer as die van Februarie. Voedselpryse was 9,5% hoër as verlede jaar.
- Wat produksiepryse betref, word die toename amptelik as 7,1% vir Maart aangedui teenoor Februarie se 8,1%. Dit verteenwoordig egter slegs prysstygings van finale vervaardigde produkte. Word 'n breër siening geneem en prysstyging in die landbou, mynwese en elektrisiteit, gas en water sektore ook in berekening gebring, kom die styging op 8,2% te staan teenoor die vorige maand se 8,4%. Word verder hierby uitvoerpryse afgetrek maar invoerpryse bygetel, is die styging in Maart 8,6% wat dieselfde is as in die vorige maand.

Die kredietgraderingsagentskappe sal voorgaande tendense beslis in berekening bring. Waarop gaan hulle besluit? Dit lyk of die Reserwebank van mening is dat ons, ons moet staal vir 'n afgradering tot die vlak van nie-kredietwaardig. 'n Verklaring deur die Bank tot dien effekte dui daarop. Alternatiewelik, berei die Bank ons dalk voor vir 'n verdere rentekoersstyging om vir oulaas 'n poging aan te wend om 'n afgradering tot nie-kredietwaardig te probeer vermy. Sedert maandeinde egter, het die wisselkoers van die rand weer skerp verswak wat nie goeie nuus vir inflasievooruitsigte is nie. Kapitaalmarkkoerse het ook toegeneem wat aandui dat 'n moontlike kredietafgradering in die mark verdiskonteer word. Uitvoerders kan baat by die lae wisselkoers terwyl invoere duurder kan word wat 'n mate van verplasing van produksie na plaaslike produksie kan aanhelp en buitelandse toerisme 'n verdere hupstoot kan gee.

A J Jacobs
2016-05-05

## AFRIKAANS EN SY MENSE - WAARHEEN?

### Taalgesprek is nodig

Deur **Danie van Wyk en Anne-Marie Beukes Beeld** 10 Mei 2016 00:00

**Afrikaans het sy eie waarheid-en-versoeningsgesprek onder sy sprekers nodig, skryf Danie van Wyk. 11 amptelike tale lei in die praktyk tot een taal, skryf Anne-Marie Beukes.**

**Danie van Wyk skryf:**

Dat Afrikaanssprekendes by 'n kruispad is, is gewis.

Die verskil is dié keer dat alle Afrikaanssprekendes hulle by hierdie kruispad bevind, nie net die Afrikanerkomponent nie. Afrikaans is onder beleg en dit veroorsaak onsekerheid by alle Afrikaanssprekendes.

Die bruin gemeenskap is 'n inherente deel van die Afrikaanse gemeenskap. Daar word dikwels na hierdie gemeenskap verwys as agtergeblewe, benadeel en verarm. Die uitstaande kenmerk van hierdie gemeenskap is tereg sy armoede: "in armoede gebore en ontvang", as ek met respek die Bybelse verwysing kan aanpas vir hierdie doel. Hierdie stiefkinders van die Afrikaanse gemeenskap maak daarop aanspraak om hul regmatige plek langs hul mede-Afrikaanssprekers in te neem, as gelykes en nie as meelopers of napraters nie, maar as saampraters wat ook 'n beduidende rol te speel het in die rigting wat ons as Afrikaanssprekers in die toekoms met ons taal gaan inslaan.

Daar is vele kunsmatige skanse en versperrings tussen Afrikaanssprekendes wat afgebreek sal moet word. Die ideaal sou wees dat die Afrikaanse gemeenskap as 'n eenheid die rigting sal bepaal waarheen ons met Afrikaans op pad is. Dit vra vir 'n Afrikaanse gemeenskap wat deeglik en grondig Suid-Afrikaans en Afrikaans is, en vir 'n taal wat die kulturele slagaar vorm van 'n verenigde, diverse Suid-Afrikaanse gemeenskap en nie as die eiendom van een belangegroep beskou word nie.

Die vraag ontstaan onwillekeurig: Hoe neem ons Afrikaanse mense vorentoe; as Afrikaanses of Afrikaners?

### Afrikaner vs. Afrikaanse

Daar is baie wat eenvoudig net van Afrikaners wil praat, maak nie saak watter kleur hulle is nie, solank die gemene deler Afrikaans is. Dan is daar ander wat wys op die verskille tussen Afrikaanssprekende en Afrikaner en liefs die term Afrikaanses gebruik verwysend na almal wat 'n band met Afrikaans het. Nog 'n ander denkstroom meen dat hoewel taal 'n belangrike saambindende faktor is vir die Afrikanertaalgemeenskap, dit nie in alle gevalle deurslaggewend is nie.

In Die Burger van 1 Mei 1998 vind ek 'n beskrywing van 'n Afrikaner deur Leopold Scholtz: "Die Afrikanerhuis moet oop wees vir elkeen, ongeag ras, kleur of selfs huistaal, wat hom met Afrikaners wil vereenselwig." Is bruin Afrikaanssprekers dus Afrikaners in ag genome ons gedeelde verlede, taal, godsdiens en kultuurgoedere? Volgens die algemene opvatting van wat 'n Afrikaner is, is die antwoord nee. Die geskiedenis dui immers op 'n ontkenning van burgerskap, onreg en 'n verbrokkeling van bruin mense se menswees. Ook op 'n verwerping uit die taal- en kultuurhuishouding. Ons moet eers oor hierdie onreg kom wat mede-Afrikaanssprekers aangedoen is voordat ons kan aanbeweeg.

Na my mening het Afrikaans sy eie waarheid-en-versoeningsgesprek nodig sodat ons vorentoe kan gaan as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en wêreldburgers.

**Die pad vorentoe**
Daar bestaan tans groot onsekerheid en ontreddering in Afrikaanse geledere. Ons sal as verenigde taalgroep nie ontredderd hoef te voel oor ons taal of ons kultuur nie. Voordat ons ’n samehorigheidsgevoel oor Afrikaans, ons gemeenskaplike erfenis, kan ontwikkel, sal ons mekaar oor ekonomiese en etniese verdelings heen moet vind, sal ons moet help om mede-Afrikaanssprekendes, veral die jeug, ekonomies en opvoedkundig te bemagtig.

Daar sal ook nie oor die toekoms van Afrikaans gepraat kan word sonder om die bydrae van bruin Afrikaanssprekers in berekening te bring nie. Sonder hul taalgetrouheid en skeppende bydraes het Afrikaans geen toekoms nie. Ons het ’n besonderse verbintenis tot Afrikaans en maak tereg aanspraak op mede-eienaarskap.

N.P. van Wyk Louw het geskryf: “Afrikaans is die taal wat Wes-Europa en Afrika verbind; dit suig sy krag uit dié twee bronne; dit vorm ’n brug tussen die groot helder Weste en magiese Afrika – die soms nog so ónhelder Afrika; hulle is albei groot magte, en wat daar groots aan hulle vereniging kan ontspruit – dít is miskien wat vir Afrikaans voorlê om te ontdek.”

Ons kan almal meehelp met die ontdekking van daardie grootsheid.

- **Van Wyk is Wes-Kaapse bestuurder van die Suid-Afrikaanse Onderwysontwikkelingstrust**.

**Anne-Marie Beukes skryf:**
’n Kruispad is ’n plek of tydstip waar ’n belangrike of beslissende besluit geneem moet word, aldus die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.
’n Mens kan stellig sonder veel vrees vir teëspraak sê dat Afrikaans reeds vele kruispaaie beleef het. Dink maar aan Milner se angliseringsprojek en die daaropvolgende snelle groeikurwe van Afrikaans tot standaardtaal sodat amptelike status in 1925 aan die jong taaltjie toegeken is. Vergeet ook nie hoe Afrikaans ontwikkel het tot ’n volwaardige wetenskapstaal nie, die enigste Afrikataal wat dié prestasie in die 20ste eeu kon behaal het.

**11 amptelike tale**
’n Besonder beslissende kruispad was toe amptelike status vir Afrikaans in die Grondwet van die nuwe Suid-Afrika vasgelê is. Hierdie mylpaal is behaal ná moeilike onderhandelinge waarin ter elfder uur ’n kompromis aangegaan is dat Afrikaans haar amptelike status kan behou. Die kompromis was dat amptelike status ook aan ’n allemintige nege ander inheemse tale toegeken moes word. Hierdie oormoedige situasie van 11 amptelike tale het spoedig die afgelope twee dekades gelei tot ’n taalbedeling waar slegs een taal in die praktyk uitgeleef (kan) word en die gebruik van Afrikaans in vele domeine beduidend afgeneem het. Die broodnodige ontwikkeling van die ander nege inheemse tale het helaas teen ’n trae pas geskied sodat daar steeds bitter min vrugte van hul nuwe amptelike status te pluk is.

Afrikaans staan tans weer by ’n allerbeslissende kruispad met die “Afrikaans moet val”-protesoptredes op kampusse. Universiteitsbesture gee klaarblyklik ook voorkeur aan Engels wat, in die woorde van die Universiteit Stellenbosch (US) se rektor, “wyer toegang vir ’n groter groep studente bied”. Dié kruispad word bepaal deur koördinate, soos die massafikasie van hoër onderwys, gepaardgaande met ontoereikende staatsfinansiering, die dekolonisering te midde van die aandrang op internasionalisering en Afrikaans se “onderdrukker”-bagasie.

Die jongste statistieke wat die US oor sy studente se taalvoorkeure bekend gemaak het, dui daarop dat twee derdes van die studente Engels as onderrigtaal verkies, en dít op ’n kampus waar sowat 60% van die studente Afrikaanssprekend is. Net 56% van die Afrikaanse studente verkies volgens die US se peiling onderrig in Afrikaans.

**Gesprek oor taalburgerskap**
Mense se houding oor hul taal en kultuur word selde apolities en ahistories uitgeleef. As die samebindende taal van die struggle beklee Engels histories en sosiopolities ’n bevoorregte plek in ons jong demokrasie. Voeg daarby die koppeling tussen Engels se prestige as ’n wêreldtaal en die opwaartse mobiliteit wat daarmee saamhang, dan staan Afrikaans (en die ander inheemse tale) by die kruispad van jong mense se pro-Engelse taalhoudings en -keuses.

Dit is daarom van kardinale belang dat Afrikaans as ’n medium van onderrig en leer behou moet word. Indien nie, gaan so ’n domeinverlies verreikende implikasies vir die Afrikaanse gemeenskap inhou, nie net op linguistiese gebied nie, maar ook op kulturele en sosio-ekonomiese terrein. As Afrikaans op Stellenbosch en Potchefstroom “val”, sal die volgende beslissende kruispad gewis Afrikaans op skool wees. Die ander inheemse

tale is eweneens by ’n kruispad: Hulle is steeds grootliks onsigbaar in die openbare domein en word slegs in beperkte mate as onderrigtale op skoolvlak benut. Hulle is steeds nog nie as wetenskapstale ontwikkel nie.

Teen hierdie beklemmende agtergrond het dit nou dringend noodsaaklik geword dat ’n nasionale gesprek oor taalburgerskap plaasvind waaraan alle taalgemeenskappe deelneem. Ons moet as Suid-Afrikaners indringend gesprek voer oor die plek en rol van ons tale as simboliese en materiële hulpbronne om ons Suid-Afrikanerskap uit te leef. Aktiewe taalburgerskap verg dat ons moet besin oor magsverhoudings en alledaagse taalpraktyke, ons taalbeskouings wat die rol van dialekte en minderhede betref, die marginalisering van taalgemeenskappe, en so meer.

Daar is by my min twyfel dat die Afrikaanse gemeenskap en haar taal- en kultuurorganisasies ’n sinvolle bydrae tot so ’n diskoers kan lewer. Hef aan lê voor; kom ons maak dit ons érns om ons unieke taalburgerskap uit te leef.

- **Prof. Beukes is voorsitter van die Afrikaanse Taalraad**

## SteveHofmeyr: Taal moet oppas vir harakiri 07 Mei 2016

Afrikaans hoef nie gebabysit te word nie. Sy moet net neergesit word sodat die taal kan hardloop, skryf Steve Hofmeyr in Beeld se reeks oor Afrikaans en sy mense.

Hoe ganit? Kan nie kla nie, sê die Boere. Dan kla hulle oor die droogte en so.

Wel, dié stukkie gewoonte het ek afgeleer. Dalk klink ek soos die Seunse Weenkoor, want ek kla graag. Ek kla gereeld, want ek het klaagbare redes. Baie. Ek kla, want as ek ophou kla, gaan ons, en nie net ’n koor seuns nie, almal eersdaags ween.

My dae van aansit om ronde tafels vir wen-wen-uitkomste, vir fatsoenlikheid en sussende gesprekke, is lank verby. Ek het nie ’n teoretikus nodig om vir my uit te spel hoe min ons taal tot dusver daarby baat gevind het nie.

Ek het genoeg gehad van die progressiewe narratief wat op ons losgelaat word, so asof ek en jy te blind is om te mag dien as lewende getuie van wat daagliks om ons afspeel. Die liberale toetslopie is doodgetoets en deelnemers aan hierdie gesprek sal min baat daarby vind om die kwynende behoefte aan nasiebouende samesang as Afrikaner-apatie weg te redeneer.

Want ons sing nog luidkeels saam, maar nie op die uitnodiging van elke Jakob, Piet, Wim, Julius en Fikile nie.

’N TAAL VRA MIN. DIT SOEK NET RUIMTE, SPELING VIR DIE DIAFRAGMA OM LUG DEUR DIE STEMBANDE TE MAG JAAG SODAT DIE GODE ONS MAG AANHOOR.

Tersiêre harakiri

Dat die taal nie sal uitsterf solank ons dit praat nie, is soos om aansoek te doen vir Afrikaans se voormalige kombuistaalstatus.

Want sonder sy hoër funksies, is dit al wat sal oorbly. Tersiêre harakiri. En die domino-effek is brutaal.

Hoekom kinders in Afrikaanse skole plaas as Afrikaanse universiteite ’n doodloopstraat is?

Hoekom Afrikaanse kleuterskole opsoek as skole slegs Engels gaan wees en hoekom jou gesin tuis in Afrikaans aanspreek as dit die laaste plek is waar hulle dit mag hoor?

Toe ons Afrikaans as die beste oorbruggingstaal tussen die Weste en Afrika aangebied het, het ons ons misgis met die verraad waartoe Afrika in staat was om sy eie tale op te sê vir Rhodes se grootste nalatenskap, naamlik Engels.

TOE GUN ONS ’N PAAR JILLENDES ÓNS TAAL. AFRIKAANS. PASELLA. OM MEE TE MAAK EN BRAND SOOS JY WIL.

Staak verteenwoordigendheid

Gee vrye teuels aan volke, kulture en elk se pragtige, organiese aanbod by die tafel van diversiteit. Nie met sosiopolitieke manipulasie nie. Dis nie ’n resies nie.

’n Taal vra min. Dit soek net ruimte, speling vir die diafragma om lug deur die stembande te mag jaag sodat die gode ons mag aanhoor.

As demografiese verteenwoordigendheid werklik geldig was, sou Afrikaanssprekendes vandag sewe universiteite ryker wees. Vanjaar het ons egter ons laaste universiteit op ’n skinkbord oorhandig aan Kremlin-kinders wat nie ’n vinger sou verroer vir húl eie Afrika-moedertaal nie.

Toe kla ons ook nie. Toe gun ons ’n paar jillendes óns taal. Afrikaans. Pasella. Om mee te maak en brand soos jy wil. Met liefde en dank van Stellenbosch.

Gefabriseerde nasie

Want wat kom met minder vertroue en geloofwaardigheid as ’n gefabriseerde nasie? Ons onderskeie volke was so besig om ’n nasie te bou dat ons die vorige kritieke trappie skoon gesystap het: om geleidelik en versigtig vertroue te skep tussen die wantrouige onderdele.

Die olie wat die ratte moes ghries het niks minder geword as olie op die vuur van minagting tussen volke nie.

Wit mense onderskat steeds die potensiaal van swart mense en swart mense val handeviervoet vir die kastige bemagtiging wat jare reeds Afrika-agterstande besweer.

EK VERSTOUT MY OM TE SÊ DAT DIE BRUINSTE AKTIVIS WAT OPGEDAAG HET BREYTEN BREYTENBACH WAS.

Vrygeborenes met puisies

Om gehoor te gee aan 18-jarige studente met vuurhoutjies is om hulle te prys vir die evolusie van instruksie, die tradisies van pedagogie, millenniums se geletterdheid en eeue se organisatoriese vermoëns.

Kan vrygeborenes met puisies, ’n vernielsugtige generasie met die grootste matriekuitsakkoers en laagste wiskundepunte ter wêreld, soveel ondervinding in opvoeding, administrasie en spaarsaamheid hê?

(Gratis) toegang über alles is nie net uitgediende sosialisme nie. Dit is swak sakepraktyk en ook ’n klap in die gesig van miljoene ander jong mense wat vanaand wêreldwyd kasregisters slaan, karre was en kelnerfooitjies wegsit om hulself met studies van hul maatskaplike lot te bevry.

Bruin mense móét opdaag

As die bruin gemeenskap hulle wil roem op meerderheidstatus by die gebruik van Afrikaans deel ek graag die mantel waaronder ons baklei vir die oorlewing daarvan.

Maar in die enigste en laaste provinsie waar Afrikaans ’n meerderheidstaal is, het hulle tjoepstil gestaan en toekyk terwyl die Universiteit van Wes-Kaapland, en nou Stellenbosch, verengels het.

Ek verstout my om te sê dat die bruinste aktivis wat opgedaag het Breyten Breytenbach was.

Dit, my bruin broers, is nié hoe jy ’n taal red of herstandaardiseer nie. Jy móét opdaag vir haar om jou geboortereg en die ingeboude voordele van moedertaalonderrig op te eis.

AFRIKAANS MOET DIE SKULDMOTIEF AFSKUD EN HAAR TROTS HERWIN.

Staatsneus-in-ons-sake

Ek kon aanvanklik min Afrikaanssprekendes opspoor wat dit nie eens was met vryheid, anti-rassisme, transformasie, nasiebou, gelykheid, eenheid en bemagtiging nie.

Maar dit was gou duidelik dat daar nouliks konsensus is oor die definisies daarvan.

Die voorskriftelike staatsneus-in-ons-sake sal Afrikaans weer en weer duur te staan kom.

Afrikaans moet die skuldmotief afskud en haar trots herwin. Deur haar te laat herontdek.

Tot en met 1976 het ons 11 monumente vir Afrikaans opgerig. Nog niemand in die wêreld het dit vir ’n taal gedoen nie. Ons moet weer.

Afrikaans is papegaai-bont

Sy is ’n reusetaal in alle opsigte. Afrikaans is ’n papegaai-bont eggo (Jonker) of ’n lied van ’n meisie in haar liefde verlaat (Marais).

Sy is ’n taal waarin kleure plets en biggel (Stöckenstrom), sy kan woerawarra op die pulpit (Small) en sy is in die laaste skeemring van my dink (Van Wyk Louw).

Sy hoor kleure en beluister geure (Cussons), sy het jengelende kinders (Schoeman) en sy laat die wind met grassaad kerjakker (Eitemal).

# Taal gaan ook oor ménse

Beeld, 12 Mei 2016 00:00

**Te midde van ’n groeiende voorkeur vir Engels as onderrigtaal onder Matie-studente is daar nietemin ’n oorweldigende besef van die waarde van meertaligheid, skryf Leon de Stadler en Christel Swart**.
In ’n vorige artikel (Die Burger, 10 Maart 2016) het ons gerapporteer oor ’n navorsingsprojek wat uitgevoer is oor die taalhoudings van studente en dosente aan die Universiteit Stellenbosch.

Ons het in daardie artikel die sluier gelig oor sommige van die bevindings van die ondersoek, onder meer dat steeds meer (veral Afrikaanse) studente Engels as hul voorkeurtaal in hoër onderwys verkies, maar ook dat ons studente ’n sterk positiewe houding openbaar oor die waarde van meertaligheid en die belang daarvan in hoër onderwys.

Voor en sedert die verskyning van hierdie artikel woed weer ’n taaldebat oor die universiteit se taalbeleid, en veral die vrees dat die voorgestelde beleid die doodsklok vir Afrikaans aan die US kan lui.

Ongelukkig is dit ’n debat wat te dikwels gekenmerk word deur minder goeie argumentasie, voorstelle wat nie altyd strook met die werklikhede wat universiteite moet hanteer nie, en ’n aanvallende skerpheid wat nie werklik tot voordeel van die saak strek nie.

Dit val nie binne die bestek van hierdie artikel om op al hierdie argumente, voorstelle en skerphede te reageer nie. Ons wil liewer fokus op die werklikhede waarmee ’n universiteit soos Stellenbosch te kampe het.

**Om mee te begin, het ons navorsing die volgende uitgewys:**

- 59,5% van ons respondente was Afrikaanstalig en 32,9% Engelstalig. Twee-derdes van die studente verkies Engels as akademiese taal, en 33,7% verkies Afrikaans. Van die Afrikaanstalige studente kies 43,1% Engels (reeds aangetoon in ons vorige artikel).

In 2008 het prof. Lawrence Schlemmer op die vraag na die taal wat studente as onderrigtaal sou verkies, bevind dat 67% van die Afrikaanssprekendes Afrikaans sou verkies, en 32% Engels.

Onder die Engelssprekendes was die keuse vir Engels voorspelbaar hoog (89%), en onder tweetalige studente was die keuse vir Engels 48% en vir Afrikaans 36%.

Sedert 2008 is daar dus ’n verdere verskuiwing ten gunste van Engels, en hierdie verskuiwing vind veral by Afrikaanssprekende studente plaas.

- Maar daar is ’n belangrike addisionele resultaat in ons ondersoek: 79% van die studente dui aan dat hulle meertaligheid in die algemeen belangrik of baie belangrik ag, en 73% van die studente ag meertaligheid aan die US belangrik of baie belangrik.

- 83% van hulle dui aan dat hul eie meertaligheidsontwikkeling vir hulle belangrik of baie belangrik is (onder dosente is hierdie persentasie 84%).
- Studente ag die behoud van Engels as taal van hoër onderwys van besondere groot belang, maar daar is ook ’n duidelik positiewe houding oor die behoud van Afrikaans en die Afrikatale, hoewel hierdie houding voorspelbaar nie so sterk positief soos vir Engels is nie.

Wat ons grief van sommige van die kommentare in die media, is die idee dat ons studente aan hul neus gelei word en maar net gedweë aanvaar dat die universiteit moet verengels, en dat dit hul response in so ’n ondersoek kan beïnvloed.

Ons navorsingsprojek het ook respondente die geleentheid gebied om uitgebreide kommentaar te lewer op die vrae wat gestel is.

Ons was aangenaam verras deur die ongewone hoeveelheid kommentaar wat ons wel ontvang het.

Wat kon ons wys word uit hierdie kommentare? Om mee te begin, dat ons ’n kritiese universiteitsgemeenskap het wat op verantwoordelike wyse nadink en sterk gedefinieerde houdings oor hierdie besonder komplekse saak het, en veral dat hulle hulle nie deur enigiemand aan hul neus sal laat lei nie.

Die jongmense wat vandag op ons kampusse rondloop, leef in ’n wêreld wat radikaal verskil van dit wat ons 40 of 50 jaar gelede ervaar het.

Hul werklikhede daag hulle uit op nuwe en verrassende maniere, en dit het ’n mens in hul kommentaar in die ondersoek gehoor.

Miskien die allerbelangrikste punt is die nasionale noodsaak om gehalte-opvoeding vir alle Suid-Afrikaners tot op die hoogste vlak moontlik te maak.

En as taal in die algemeen of enige taal in die besonder so ingespan word dat dit hierdie uiters belangrike doelwit verongeluk, het ons ’n probleem.

Daar is ’n groeiende getal studente wat reeds die uitdaging het om in ’n tweede of derde taal (Engels) te studeer.

Die toevoeging van nog ’n taal wat hulle moeilik verstaan of selfs glad nie, plaas ’n onregverdige en onregverdigbare las op die skouers van hierdie studente – hulle het juis nie altyd gelyke kanse nie.

Maar die resultate sê ook vir ons dat daar ’n besonder sterk sentiment is oor die waarde van meertaligheid in hoër onderwys, en ’n ewe sterk sentiment dat die eie individuele meertaligheid ’n bate is wat ontwikkel moet word.

Verder dat ’n taal nie deur dwang bevorder kan word nie, maar dat die ontwikkeling van meertaligheid (ook tot voordeel van Afrikaans en die Afrikatale) iets moet wees wat mense kies, en waarvan hulle oortuig moet word (en terloops, oortuiging of oorreding gebeur slegs in ’n konteks waar mense ’n keuse het om dit te aanvaar of af te wys).

Hierdie sentimente sluit ook ’n sterk positiewe houding in rakende die behoud van Afrikaans, soos blyk uit kommentare soos die volgende:

“Ek voel sterk dat Afrikaans behou moet word by US. Ek is Afrikaanssprekend en ek wil graag my toekomstige kinders ook Afrikaans leer.

“Ek sal verkies dat hulle dan aan ’n Afrikaans-‘vriendelike’ institusie studeer. Die Afrikaans in die taalbeleid is waarom ek die US gekies het.”

Of dié kommentaar van ’n Engelstalige student:

“I specifically came to Stellenbosch because it is an Afrikaans university, else I would have much rather studied closer to home.”

Sedert die vorige peilings in 2007 en 2008 het die Universiteit Stellenbosch baie verander.

Studente en personeel word deur nuwe en steeds groter uitdagings gekonfronteer.

Hulle ontmoet mekaar oor kultuurgrense heen (daar is ook formele strukture wat dit aanmoedig), soek geleenthede en die instrumente wat hierdie interkulturele saamwees sal fasiliteer en dink werklik krities oor die uitdagings van ’n toekomsgerigte Suid-Afrika.

Die konseptaalbeleid van die Universiteit Stellenbosch wat tans oorweeg word, wil 'n talige ruimte skep waarbinne die universiteit hom tegelyk kan verbind tot toeganklikheid én die bevordering van meertaligheid.

Dit is 'n besondere verbintenis en een waarop die universiteit in die toekoms beoordeel en geoordeel sal word.

Wat Afrikaans se posisie betref: 'n Taalsentriese – en veral Afrikaans-sentriese – debat soos die een wat tans heers, doen Afrikaans geen guns nie.

Veral die skerpheid en die ongenuanseerdheid wat soms uitdop, plaas Afrikaans weer in 'n negatiewe raampie as 'n taal wat mense uitsluit en vervreem.

Dit is daarom baie belangrik dat die debat 'n sterker mens-sentriese karakter kry en dat ons goed nadink oor die belange van alle Suid-Afrikaners.

Ons tale verdien om bevorder te word. Die vraag is net hóé.

In die soeke na 'n antwoord sal ons besonder innoverend moet dink.

De Stadler (links) is die direkteur van die US se Taalsentrum, en Swart is 'n MA-student en navorser in die sentrum.

AFRIKAANS EN SY MENSE: WAARHEEN?

Tyd ryp vir taalstryd?

Deur Tim du Plessis en Jason Lloyd  Beeld 13 Mei 2016 00:00

Wit en bruin Afrikaanssprekendes het onafgehandelde dinge tussen hullle, skryf Tim du Plessis. Kry 'n gemene deler onder Afrikaans-sprekendes om uitdagings die hoof te bied, sê Jason Lloyd.

Tim du Plessis skryf:

Iewers kort ná die koms van die nuwe bedeling in 1994 het Antjie Krog geskryf: Afrikaans sal eers gered word as die taal gered kan word van die mense wat hom nou wil red.

Die destydse taalstryders was op enkeles na almal uit die sterwende NP/Afrikaner-establishment. Hul bedoelings was goed en die bedreiging wat hulle vir Afrikaans in die toekoms gesien het, is intussen reg bewys. Maar hulle was die "verkeerde" ouens gewees om die vlag vir Afrikaans op te tel. Die tydsgees destyds, veral in die vroeë Mandela-jare, was ook nie heeltemal reg vir taalstryd nie.

Intussen het die see vol water geloop. Baie van die destydse stryders is steeds daar. Vasbyt is nie verniet een van Afrikaans se beste woorde nog nie.

WVK vir Afrikaans

Maar amper belangriker as die oudstryders is die nuwes wat toegetree het. Ek wonder of almal besef hoe betekenisvol dit is as ¬Danie van Wyk van die Suid-Afrikaanse Onderwysontwikkelingstrust skryf: ". . . Afrikaans is onder beleg en dit verseker onsekerheid by alle Afrikaanssprekendes."

Dus: nie net FW de Klerk, Flip Buys, Theuns Eloff, Hermann Giliomee, Breyten Breytenbach en diesulkes nie. Ook bruin (en swart) Afrikaanspraters wat in dekades van onreg afgejak en weggewys is in Afrikaans deur Afrikaanspraters met ligter velle is onrustig en wil moue oprol.

Sou Van Wyk circa 1996 onder diegene gewees het wat Afrikaans wou "red"? Ek glo nie. Ook nie Ernest Messina van die Afrikaanse Handelsinstituut nie. So, Antjie, is die tyd nou ryp?

Van Wyk sê wit en bruin Afrikaanssprekendes benodig hul eie "waarheid- en versoeningsgesprek" om die lug tussen hulle behoorlik te suiwer. W, V en K is deesdae rooi letters – vir wit en swart. Maak nie saak nie. Van Wyk het 'n punt beet. Ons het onafgehandelde dinge tussen ons.

LORD MILNER MOET GLIMLAG IN SY GRAF OOR DIÉ HENSOPPERY MET DROGARGUMENTE.

Ek het geglo die Belhar-proses sou in dié dinamiek 'n suurdeegrol speel. Laat ek ¬dadelik sê ek is nie NG nie en nie teologies onderlê nie. Die vraag: ja of nee vir Belhar was nooit voor my nie. Maar as dit my keuse was, sou

ek die Belhar-belydenis aanvaar het – dit sou ’n belangrike simboliese sein van wit NG mense aan bruin en swart NG mense gestuur het.

Maar ek wil steeds, net namens myself, met Van Wyk en ander bruin en swart Afrikaanspraters ’n WVK-tipe gesprek voer. Om die etiket van “julle is in denial” (oor die verlede) van my nek af te kry, maar ook om die boeke vir oulaas oop te maak voordat hulle toegemaak word. Sodat ons vorentoe kan gaan.

Dié week se bydraes het twee (vir my) lieflike nuwe woorde opgelewer: Van Wyk oor die bruin Afrikaanses se miskende “taalgetrouheid” en prof. Anne-Marié ¬Beukes, voorsitter van die Afrikaanse Taalraad, se idee van “taalburgerskap”.

Beukes opper die navorsing wat aantoon dat twee derdes van die studente op Stellenbosch Engels as onderrigtaal verkies. Op ’n kampus waar 60% van die studente Afrikaanssprekend is. Jy kan nie stry met syfers nie. Maar hoekom sal enigiemand oor hulle verbaas wees? As opeenvolgende rektore, agternagepraat deur gesiene hoogleraars, vir ontvanklike studente sê die toekoms is Engels, jy kan net wêreldklas wees as jy verengels, Afrikaans is vrot van die stigma, die handboeke is Engels – al daai nonsens – wat anders sal studente doen as om vrot Engels, Suid-Afrika se 12de ampstaal, te kies?

Lord Milner moet glimlag in sy graf oor dié hensoppery met drogargumente.

Taal met ’n “stigma”

Die Wapad-redakteur Jeanelle Greyling skryf: om Afrikaans te wees, is soos om “die naamgenoot van ’n reeksmoordenaar te wees”. Dis ’n “konserwatiewe taal” met ’n “landwye stigma” wat aan haar kleef.

Sjoe! (Lees hectic!)

Greyling vra “ouderwetse Afrikaanssprendes” om grasie en verandering in hul denkwyse toe te laat. Ek voel aangespreek en doen my bes.

Die befaamde redakteur van Die Burger Piet Cillié het oor Bram Fischer geskryf: “ ’n klein volk” moet bid vir wysheid om sy “soekende kinders aan sy kant te hou”.

As mense soos Greyling dit nie “voel” vir die taal nie, moet ons, soos die Sotho’s in Afrikaans sê, ’n plan sien. Jy kan hulle nie dwing nie.

- Du Plessis is gasredakteur van die gesprek¬reeks en nuushoof by kykNET.

Jason Lloyd skryf:

Dit is miskien te ambisieus om ’n vraag oor waarheen Afrikaans en sy mense op pad is tot bevrediging van al sy sprekers te beantwoord. Enige gesprek oor Afrikaans is ’n gelaaide onderwerp wat vanselfsprekend ou paradigmas en sentimente opdiep.

Historiese taalfoute wat in die naam van, of met Afrikaans gepleeg is, roep ou herinneringe en weemoed by die meeste Suid-Afrikaners op.

Miskien moet ons eers bepaal wie is Afrikaanse mense? Die 2011-sensus het getoon Afrikaans het sedert die 2001-sensus 871 000 huistaalsprekers bygekry. Die land het nou meer as 6,8 miljoen Afrikaanssprekendes, waarvan 3,4 miljoen bruin is en 602 166 swart is. Net 2,7 miljoen is wit.

Afrikaanssprekendes is ’n mengelmoes met uiteenlopende agtergronde. Wat is dan die gemene deler, indien enige, onder Afrikaanssprekendes?

Alewige gekibbel

Dit laat my dink aan wyle prof. Jakes Gerwel se gespot oor die bruin mense. Hy het gesê die enigste konstante gemene deler van bruin mense is die gedurige debat oor of iets soos bruin mense bestaan of nie.

So ook is dit miskien veilig om te sê die enigste konstante gemene deler van Afrikaanssprekendes (veral Afrikaners) is die gedurige debat oor of daar wel ’n plek vir Afrikaans as onderrigtaal op die kampus van die Universiteit Stellenbosch (US) moet wees of nie.

Die einddoel van die alewige gekibbel oor Afrikaans is nie altyd duidelik nie. Ook bestaan daar geen konsensus onder Afrikaanssprekendes wat die einddoel of gemene deler moet wees nie. So verval die Afrikaanse debat altyd in engheid en slegsêery.

Breyten Breytenbach se onlangse ope brief aan prof. Wim de Villiers, US-rektor, en die reaksie van onder andere dr. Piet Croucamp is ’n bewys dat Afrikaanssprekendes (of liewer Afrikaners) eintlik in gesprek is met mekaar terwyl ander groepe tot toeskouers gereduseer is.

Is dit miskien hoekom bruin mense bewegingloos is as Stellenbosse taalstryders hulle behoeftes op die “arm bruin studente” projekteer “wat sal krepeer as Afrikaans by Maties as onderrigtaal verdwyn (…)”?

Oneerlike meganisme

Die standpunt dat bruin mense te nagekom sal word, word as ’n oneerlike verdedigingsmeganisme beskou om Afrikaans by die US as onderrigtaal te behou. Dit saai verdeeldheid onder wit en bruin mense eerder as om ’n gemene deler onder Afrikaanssprekendes te help identifiseer.

Die wetenskaplike benadering van taalindoenas wat die voordele van moedertaalonderrig op skool en tersiêre vlak uitwys, het nog min gedoen om Afrikaanssprekendes agter dié “wetenskaplike waarheid” te verenig.

DIE EINDDOEL VAN DIE ALEWIGE GEKIBBEL OOR AFRIKAANS IS NIE ALTYD DUIDELIK NIE.

Nog erger is dat dié “wetenskaplike waarheid” maar min gedoen het om die regering tot ander insigte te bring oor die voortbestaan van Afrikaans as onderrigtaal.

Ek vermoed liewer dat daar ’n onwilligheid bestaan om te erken dat Afrikaans as ’n politieke taal of wapen ingespan is om die Afrikaner se bestaan in die ou bedeling te verskans en ook om ander groepe met kru Afrikaanse woorde te verneder.

Reeds daarom miskien die redenasie dat Afrikaans as taal nie gestraf kan word vir sy sprekers se optrede nie. Onlangs is die uitlating van die intellektueel wyle Vernie February dat geen taal skuldig kan wees aan wat die sprekers daarvan gepleeg het nie, ingespan om dié redenasie te bevorder.

Dalk is dit so, maar wat uit die oog verloor word, is dat Afrikaans skuldig gehou word vir die Afrikaner se politieke optrede jeens swart mense in die apartheidstyd.

Die negatiewe houding jeens Afrikaans word aangewakker om historiese politieke redes en daarom moet Afrikaanssprekendes ’n gemene deler vind wat poog om die uitdagings vanuit ’n nuwe hoek te benader.

Nee, moenie ’n politieke party stig nie. Kry invloedryke en nuwe stemme uit Afrikaanssprekende groepe byeen om met die ANC as politieke organisasie te onderhandel vir ’n politieke oplossing rondom Afrikaans.

Afrikaans het ’n politieke oplossing nodig. Al beteken dit die verengelsing van Stellenbosch en die geboorte van ’n nuwe staatsgesubsidieerde Afrikaanse universiteit in Oudtshoorn of iewers in die Namakwaland of die Kalahari.

Jason Lloyd is ’n oudjoernalis.